E L I S I E I N S U I D - S O T H O

deur

GYSBERT ALBERTUS LANDSBERG, B.A. HONNS., B. Ed.

Verhandeling aangebied ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (Bantoetale)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. dr. C.J.H. Krüger

Januarie 1974 POTCHEFSTROOM

OPGEDRA AAN MY OUERS.

DANKBETUIGINGS

****

Al sou ek die tale van mense en engele
spreek, en ek het nie die liefde nie,
dan het ek 'n klinkende metaal of 'n
luidende simbaal geword.

1 Kor. 13:1

Aan my studieleier, prof. dr. C.J.H. Krüger 'n besondere woord van hartlike dank. Sonder u akademiese wetenskaplikheid en stimulerende skerpsinnigheid sou dit moeilik wees om hierdie studie te voltooi. U bereidheid tot hulp en u belangstelling word baie hoog waardeer.

'n Besondere woord van dank en waardering teenoor my departementshoof Prof. J. Breed vir sy deurgaanse belangstelling en aanmoediging, asook waardevolle wenke tydens die skryf van hierdie verhandeling.

Aan my vrou my opregte dank vir die voorlopige tikwerk wat sy onder moeilike omstandighede behartig het, asook vir die vele opofferings wat sy en Susantjie moes maak gedurende hierdie studie.

Hartlike dank aan mev. H. Müller wat die finale tikwerk behartig het.

Aan my ouers wat sedert my vroegste jare reeds ontsaglik veel bygedra het aan liefde en opofferings tot my opvoeding en akademiese vorming, 'n woord van opregte erkentlikheid.

****

B Y L A A G

Die volgende fonetiese simbole word in hierdie studie gebruik.

Ortografiese simbool	Fonetiese simbool
a	a
i	i
e	e
ê	ɛ
u	u
o	o
ô	ɔ
p	p'
ph	ph
m	m
b	b
w	w
f	f
fj	fʃ
bj	bʃ
pj	pʃ'
pjh	pʃh
t	t'
th	th
d	d
s	s
r	r
ts	ts'
tsh	tsh
sh	ʃ
tj	tʃ'
j	dʒ
tjh	tʃh
ny	ɲ
k	k'

kg	kxh
kh	kh
ng	ŋ
g	x
h	ɦ
tl	tl'
tlh	tlh
hl	ɬ
l	l
q	C
qh	Ch
nq	G
y	j
	ɣ

Oerbantoe

****

H O O F S T U K 1

1.0.0 DIE SISTEMATISERING VAN KLANKVERANDERINGE IN BANTOETALE 1

1.1.0 INLEIDING 1

1.1.1 EKSTERNE OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE 1

1.1.2 INTERNE OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE 2

1.2.0 TIPES KLANKVERANDERRINGE 3

1.3.0 DIE TWEE HOOFDELIKE KLASSIFIKASIEKRITERIA 4

1.3.1 INDELING VOLGENS RESULTAAT 4

1.3.2 INDELING VOLGENS OORSAAK 5

1.3.3 'N KRITIESE BESPREKING 5

A. PALATALISASIE (benoem volgens resultaat) 6

B. PALATALISERING (benoem volgens oorsaak) 6

a. Vokaalpalatalisering 7

b. Konsonantpalatalisering 7

C. LABIALISERING 7

a. Vokaalvelarisering 8

b. Vokaalverandering binne-in 'n lettergreep 9

c. Konsonantalisasie 9

D. PLOSIVERING 10

E. NASALERING 10

1.4.0 SISTEMATISERING VAN KLANKVERANDERINGE 12

1.4.1 OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE 14

I. ASSIMILASIE 14

A. PALATALISERING 14

B. LABIALISERING 14

C. PLOSIVERING 14

D. NASALERING 15

II. ELISIE 15

A. APOKOPEE 15

B. SINKOPEE 15

C. AFERESE 15

HOOFSTUK 2

2.0.0 WAT IS ELISIE? 16

2.1.0 INLEIDING 16

2.1.1 ELISIE IN DIE ALGEMENE LITERATUUR 16

2.1.2 ELISIE IN DIE BANTOETALE LITERATUUR 17

A. ELISIE IN ANDER BANTOETALE (Shona en Zoeloe) 18

B. ELISIE IN DIE SOTHOTALE 21

C. VOORBEELDE VAN ELISIE IN DIE BANTOETALE LITERATUUR 23

I. FONEEMELISIE 23

a. Die elisie van n vokaal tussen twee l-e, m-e, n-e en r-e 23

i. Enkele naamwoorde 24

ii. Elisie uit die agtervoegsels -el(e)l- en -ol(o)l- 24

iii. Die perfektumvorm van werkwoorde eindigende op -na en -ma 25

iv. Elisie in die kombinasie mo-b 25

b. Elisie van die eindvokaal van sekere naamwoorde by die suffigering van -ana 26

c. Elisie van vokale uit skakels en voornaamwoorde 26

i. Die absolute voornaamwoord 27

ii. Die kwantitatiewe voornaamwoord 27

iii. Die possessiewe voornaamwoord 27

d. Elisie uit enkele naamwoorde met vokaalstamme 27

e. Elisie van /i/ uit -is- 28

f. Konsonantelisie 28

g. Elisie uit lokatiefklasnaamwoordgroepe 29

h. Elisie uit hulpwerkwoordgroepe 29

i. Elisie uit possessiewe groepe 29

II. MORFEEMELISIE 32

a. Elisie van die uitgangsmorfeem -na by absolute voornaamwoorde 33

b. Elisie van klasprefikse 33

c. Elisie van onderwerpskakels 34

d. Elisie van die infinitiefprefiks 35

e. Elisie van die uitgangsmorfeem -a van werkwoorde 35

III. WOORDELISIE 36

2.1.3 KRITIESE BESPREKING 37

A. FONEEMELISIE 38

B. MORFEEMELISIE 39

C. WOORDELISIE 40

2.2.0 ELEMENTE EN RAAMWERKE VAN ELISIE 41

A. ELEMENTE WAT GEËLISIËER KAN WORD 41

a. Foneme of foneemreekse 41

b. Morfeme 41

c. Woorde 41

B. DIE RAAMWERK WAARBINNE ELISIE PLAASVIND 41

a. Die sillabe as raamwerk van foneemelisie 42

b. Die sillabe as raamwerk van morfeemelisie 42

c. Die sillabe as raamwerk van woordelisie 43

2.2.1 ELISIE BY DIE REALISERING VAN ANDER FONOLOGIESE PROSESSE.. 43

A. ONAFHANKLIKE ELISIE 43

B. ELISIE GEPAARD MET ANDER FONOLOGIESE PROSESSE 43

2.2.2 ELISIE BY DIE REALISERING VAN MORFOLOGIESE PROSESSE 44

A. REDUKSIE 44

B. VERVANGING 45

2.3.0 INDELING VAN ELISIE 46

2.3.1 DEFINISIE VAN ELISIE 46

2.3.2 REALISERING VAN ELISIE IN SKRIF 46

H O O F S T U K 3

3.1.0 FONEEMELISIE 48

3.1.1 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORD 48

A. SELFSTANDIGE FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORD ... 48

a. Elisie van 'n vokaalfoneem uit 'n sillabe in die omgewing van duurkonsonante 48

i. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /l/ begin 49

ii. Elisie van die vokaalfoneem /a/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /m/ begin 49

iii. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /n/ begin 49

iv. Elisie van die vokaalfoneem /a/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /r/ begin 50

b. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe 'n sillabe wat slegs uit die vokaalfoneem /e/ of /i/ bestaan, voorafgaan 50

c. Elisie van konsonantfoneme uit 'n sillabe 50

d. Elisie van die Oerbantoe /ɣ/ uit oorspronklike werkwoordstamme 51

B. FONEEMELISIE AS ENKELE FONOLOGIESE PROSES TYDENS MORFOLOGIESE PROSESSE 52

a. Elisie van die nasaalkonsonantfoneme tydens die vorming van skakels 52

i. Die kategoriale morfeem 53

ii. Die onderwerpskakel 53

iii. Die voorwerpskakel 53

b. Elisie van vokaalfoneme tydens die vorming van skakels en voornaamwoorde 54

i. Die absolute voornaamwoord 54

ii. Die possessiewe voornaamwoord 54

iii. Die demonstratief 54

iv. Die kwantitatiewe voornaamwoord 55

v. Die possessiewe betrekkingswoord 55

vi. Die konsekutiefskakel 55

c. Elisie van vokaalfoneme uit prefigale morfeme 56

i. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks van klas 2 ekv. mo-, by prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met /m/ begin 56

ii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die klas=
prefikse van klas 2 meerv. me-, by die prefi=
gering daarvan aan naamwoordstamme wat met
/m/ begin 56

iii. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klas=
prefikse van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die vorming
van deverbatiewe met werkwoordstamme wat met /m/
begin 57

iv. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klas=
prefiks van klasse 1 en 2 ekv. mo-, by die
vorming van leenwoorde waarvan die stam met
/m/ begin 57

v. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks
van klas 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan
aan naamwoordstamme wat met vokaalfoneme /o/ of
/ɔ/ begin ..... 58.

vi. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die prefiks
van die eerste persoon ekv. ni-, by die prefige=
ring daarvan aan werkwoordstamme wat met /n/ begin .. 58

vii. Elisie van die gesemivokaliseerde /j/ van die
voortgaande ja- uit die werkwoordprefiks 58

d. Elisie van 'n vokaalfoneem uit suffigale morfeme 59

i. Elisie van die vokaalfoneem /ɛ/ uit die appli=
katiewe agtervoegsel -ɛl-, na suffigering daarvan
aan werkwoorde waarvan die wortel op /l/ eindig 59

ii. Elisie van die tweede foneem /ɛ/ uit die ver=
dubbelde applikatiewe agtervoegsel -ɛlɛl-, wan=
neer dit aan werkwoorde gesuffigeer word 60

iii. Elisie van die tweede vokaalfoneem /o/ uit die
inversiewe agtervoegsel -olol-, na suffigering
daarvan aan werkwoorde 61

iv. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die kou=satiefmorfeem -is- na suffigering daarvan aan sekere werkwoorde 61

e. Elisie van 'n vokaalfoneem uit naamwoorde, na suffigering 61

i. Elisie van die vokaal-uitgangsfoneem uit naamwoorde na suffigering van die diminutiewe agtervoegsel -ana 62

ii. Elisie van die foneemreeks (semi-vokaal + vokaal) uit die adjektiefstam -ŋwe 62

f. Elisie van die Oerbantoe konsonantfoneem /ɣ/ uit oorspronklike naamwoordstamme 63

C. FONEEMELISIE KONKOMITANT MET ANDER FONOLOGIESE PROSESSE, TEWEEGGEBRING DEUR MORFOLOGIESE PROSESSE 64

a. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met progressiewe assimilasie na prefigering 64

i. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die prefikse van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met /b/ begin 64

ii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die prefiks van klas 2 mv. me, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met /b/ begin 65

iii. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klas=prefikse van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme, ten einde deverbatiewe te vorm..... 65

iv. Elisie van die vokaalfoneem /o/ van die voorwerpskakel van klas 1 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme wat met /b/ begin 66

b. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met retrogressiewe assimilasie na prefigering 67

c. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met gedeeltelike retrogressiewe assimilasie na prefigering 67

i. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die prefiks van klas 5 ekv. ni-, na die prefigering daarvan aan enkellettergre= pige naamwoordstamme 68

ii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die voorwerpskakel van die eerste persoon ekv. ni-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme 68

iii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die klasprefiks van klas 5 ekv. ni-, asook elisie van die konsonantfoneem /n/, na= dat dit plosivering veroorsaak het, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme 69

iv. Elisie van die vokaalfoneem /i/ en die konsonant= foneem /n/ uit die refleksiefmorfeem ini-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme 70

d. Elisie konkomitant met progressiewe assimilasie na suffigering 71

i. Elisie van die vokaalfoneem /i/ van die prefektummorfeem -il- by die suffigering daarvan aan werkwoordstamme wat op -ma eindig 71

ii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die per= fektummorfeem -il-, by die suffigering daarvan aan werkwoordstamme wat op -na eindig 72

e. Elisie van 'n konsonantfoneem konkomitant met vokaalsamesmelting 72

i. Elisie van die konsonantfoneem /r/ uit werkwoordstamme wat op -ara eindig, na suffigering van die perfektummorfeem -il- 72

ii. Elisie van die konsonantfoneem /r/ uit werkwoordstamme wat op -ara eindig, na suffigering van die kousatiefmorfeem -is- 73

iii. Elisie van die konsonantfoneem /l/ uit 'n werkwoordstam wat op -ala eindig, na suffigering van die kousatiefmorfeem -is- 73

3.1.2 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOMPOSITUM 74

A. FONEEMELISIE UIT KOMPOSITA WAARVAN DIE ONDERLIGGENDE STRUKTUUR 'N NAAMWOORD + 'N POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD IS 77

B. FONEEMELISIE UIT ANDER KOMPOSITA EN MORFO-SINTAKTIESE KONSTRUKSIES 77

3.1.3 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WERKWOORDVERDUBBELING 78

3.1.4 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORDGROEP 80

A. ELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN POSSESSIEWE GROEPE 81

a. Elisie van die semivokaalfoneem /w/ uit die possessiewe betrekkingswoord wa, wanneer dit as inleidende lid gebruik word na naamwoorde wat op /i/ eindig 81

b. Elisie van die uitgangsfoneem van naamwoorde sowel as die semivokaalfoneem /w/ uit die possessiewe betrekkingswoord wa 81

B. ELISIE VAN DIE UITGANGSFONEEM VAN NAAMWOORD BINNE DIE KONTEKS VAN ADJEKTIEF-RELATIEFGROEPE 82

C. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE GROEP, NAAMWOORD + DEMONSTRATIEF 82

D. ELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE VRAENDE NAAMWOORDGROEP 83

a. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ, wanneer dit op 'n werkwoord volg 83

b. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ, wanneer dit as komplement van sekere betrekkingswoorde gebruik word 83

i. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ as komplement van die identifiserende kopulatiewe betrek= kingswoord ke` 83

ii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ as komplement van die instrumentale betrekkingswoord ka 84

iii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ, as komplement van die possessiewe betrekkingswoord van sekere naamwoordklasse 84

E. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN LOKATIEFKLAS= NAAMWOORDGROEPE 84

F. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN HULPWERKWOORDGROEPE 85

a. Elisie van die konsonsantfoneem /h/ uit die infinitiefprefiks ho 85

i. Elisie van die konsonantfoneem /h/ uit die infinitiefprefiks ho, wanneer dit op een= lettergrepige hulpwerkwoorde volg 86

ii. Elisie van die konsonantfoneem /h/ uit die infinitief ho , wanneer dit op meer= lettergrepige hulpwerkwoorde volg 87

b. Elisie van die uitgangsfoneem uit hulpwerkwoorde 88

i. Elisie van die uitgangsfoneem van eenletter= grepige hulpwerkwoorde 88

ii. Elisie van die uitgangsfoneem uit meerletter= grepige hulpwerkwoorde 89

H O O F S T U K 4

4.0.0 MORFEEMELISIE EN WOORDELISIE 90

4.1.0 MORFEEMELISIE 90

4.1.1 MORFEEMELISIE IN DIE KONTEKS VAN DIE WOORD 90

4.1.2 MORFEEMELISIE IN DIE KONTEKS VAN DIE VERDUBBELING 91

A. ELISIE VAN DIE PREFIGALE MORFEEM VAN NAAMWOORDE 91

B. ELISIE VAN DIE REFLEKSIEFMORFEEM -i 92

C. ELISIE VAN DIE LOKATIEWE BYWOORDMORFEEM ha- 92

4.1.3 MORFEEMELISIE UIT 'N WOORD BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOMPOSITUM 92

4.1.4 MORFEEMELISIE IN DIE KONTEKS VAN DIE WOORDGROEP 93

A. ELISIE VAN DIE PREFIGALE MORFEME VAN NAAMWOORDE 93

a. Elisie van die prefigale morfeem le- 93

b. Elisie van die prefigale morfeem se- 94

c. Elisie van die prefigale morfeem di- 94

d. Elisie van die prefigale morfeem bo- 95

e. Elisie van die prefigale morfeem di- in adjektief-relatiewe groepe 95

B. ELISIE VAN DIE VERSTARDE POSSESSIEFSKAKEL ha- UIT DIE POSSESSIEWE VOORNAAMWOORDE hao en haɛ 96

C. ELISIE VAN DIE ONDERWERPSMORFEEM IN DIE KONTEKS VAN WERKWOORD-RELATIEFGROEPE 97

D. ELISIE VAN DIE ONDERWERPSMORFEEM IN DIE KONTEKS VAN HULPWERKWOORDGROEPE 99

E. ELISIE VAN DIE INFINITIEFMORFEEM ho- IN DIE KONTEKS VAN HULPWERKWOORDGROEPE 100

4.2.0 WOORDELISIE 101

4.2.1 WOORDELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOMPOSITUM 101

A. WOORDELISIE UIT KOMPOSITA WAARVAN DIE ONDERLIGGENDE STRUKTUUR 'N POSSESSIEWE GROEP IS 101

B. WOORDELISIE UIT KOMPOSITA WAARVAN DIE ONDERLIGGENDE STRUKTUUR 'N ADJEKTIEF-RELATIEWE GROEP IS 102

4.2.2 WOORDELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORDGROEP 103

A. ELISIE VAN DIE POSSESSIEWE BETREKKINGSWOORD BINNE DIE KONTEKS VAN DIE POSSESSIEWE GROEP 103

B. ELISIE VAN DIE ADJEKTIEWE BETREKKINGSWOORD BINNE DIE KONTEKS VAN DIE ADJEKTIEF-RELATIEWE GROEP 104

C. ELISIE VAN DIE RELATIEWE BETREKKINGSWOORD BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WERKWOORD-RELATIEWE GROEP 105

H O O F S T U K 5

5.0.0 SAMEVATTING 106

5.1.0 FONEEMELISIE 106

5.1.1 ELISIE VAN 'N VOKAALFONEEM TUSSEN TWEE KONSONANTE 106

A. ELISIE VAN 'N VOKAALFONEEM UIT DIE STRUKTUUR K(V) - KV > KKV 106

a. m(o)m of m(e) -m > mm 106

b. M(o)-b of m(e)-b > mm 106

c. mil > mm 106

d. n(i) + enige konsonant 106

e. l-(ɛ)l, -ɛl-(ɛ)l, l-(a)l-, en ol-ol > ll 107

5.1.2 ELISIE VAN 'N VOKAALFONEEM UIT DIE STRUKTUUR KV(V) 108

A. ELISIE VAN 'N VOKAALFONEEM UIT DIE STRUKTUUR K(V)-V > KV 108

B. ELISIE VAN 'N VOKAALFONEEM UIT DIE STRUKTUUR KV(V) > KV 110

5.1.3 ELISIE UIT DIE STRUKTUUR K(V)-(K)V 111

5.1.4 ELISIE VAN EEN OF MEER SILLABES 112

5.1.5 UITSONDERLIKE GEVALLE 112

A. ELISIE UIT DIE STRUKTUUR (K)V 112

B. ELISIE UIT DIE STRUKTUUR KV-V-V 113

C. ELISIE UIT DIE STRUKTUUR KVK($\frac{K}{w}$) (V) 113

D. ELISIE UIT DIE STRUKTUUR KV(K)V 113

5.2.0 MORFEEMELISIE 114

5.2.1 ELISIE VAN PREFIGALE MORFEME 114

A. ELISIE VAN DIE PREFIGALE MORFEEM VAN NAAMWOORDE 114

5.2.2 ELISIE VAN DIE VERSTARDE POSSESSIEFSKAKEL ha̱o en ha̱e 115

5.2.3 ELISIE VAN DIE ONDERWERPSMORFEEM 114

5.2.4 ELISIE VAN DIE INFINITIEFMORFEEM ho̱ UIT HULPWERKWOORDGROEPE 116

5.3.0 WOORDELISIE 116

5.3.1 ELISIE VAN DIE POSSESSIEWE BETREKKINGSWOORD 116

5.3.2 ELISIE VAN DIE ADJEKTIEWE BETREKKINGSWOORD 117

5.3.3 ELISIE VAN DIE RELATIEWE BETREKKINGSWOORD 117

5.4.0 GEVOLGTREKKING 117

SUMMARY 118

BIBLIOGRAFIE 120

****

HOOFSTUK 1

1.0.0 DIE SISTEMATISERING VAN KLANKVERANDERINGE IN BANTOETALE

1.1.0 INLEIDING

Alhoewel hierdie studie handel oor Elisie in Suid-Sotho, is dit tog nodig om kortliks aandag te gee aan klankveranderinge in die algemeen. Die rede hiervoor is dat elisie binne die raamwerk van klankveranderinge gesien moet word, voordat dit as afsonderlike fonologiese proses verder bespreek word.

Die taalgebruiker word in die historiese verloop van taal genoodsaak om sy taal aan te pas by veranderende omstandighede. Daar is verskillende oorsake wat hierdie aanpassings, veral die woordeskat ten opsigte van be= tekenis en klankvorm, noodsaak. Hierdie oorsake word gewoonlik in twee groepe ingedeel, naamlik eksterne en interne oorsake. Vgl. Kruger (1972, p. 1).

1.1.1 EKSTERNE OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE

1. Die eksterne oorsake word baie mooi opgesom deur Gray en Wise (1959, p. 351) onder die volgende hoofde:

A. "Somatic, e.g.,(a) limitation of sensory perception, which prevent accurate hearing of sound elements and distinguishing between them; (b) fading of neuromuscular patterns; (c) tendency toward economy of muscular effort; (d) tendency to= ward simplification or convenience; etc.

B. Psychological, e.g., (a) premature production of a sound through anticipation; (b) lack of uniform linguistic experience within a language group; (c) tendency toward analogy; etc.

C. Sociological, e.g., (a) geographical separation; (b) political economic, social and religious influences; (c) language mixtures and substrata; (d) popularity or unpopularity of a dialect;

(e) degreas of education; etc.

1.1.2 INTERNE OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE

2. Kruger (1972, p. 1) sê: "Die interne oorsake lê in die taal self op= gesluit in, wat in hoofsaak neerkom op fonetiese aanpassing deur onderlinge klankbeïnvloeding. Hierdie is die grootste enkele oorsaak van die veran= deringe in die fonologiese sisteem van taal - sekere klanke verdwyn, andere kom by en sommige verander".

Die onderlinge invloed wat klanke op mekaar uitoefen in spraak is in alle tale van die wêreld bekend.

Malmberg (1963, p. 56) stel dit baie eenvoudig as hy sê dat taal gevorm word deur kleiner eenhede wat op bepaalde wyse gestruktureer word tot gro= ter eenhede. Wat ons hoor deur te luister, en wat ons produseer deur te praat is 'n klankketting - lank of kort - wat altyd kompleks is en altyd ana= liseerbaar is in kleiner eenhede. Hy vervolg (p. 56): "While grouping in this way, sounds influence one another and are modified in various ways".

In spraak moet die klankproduserende meganisme sy hoogsgeïntegreerde beweging skuif van een teenslag (artikulasiepunt) na die ander soos spraak= klanke geproduseer word. Vgl. Heffner (1960, p. 180). Hy gaan voort deur te sê (p. 181) dat dit voorkom asof klanke in hierdie proses verlore ge= gaan het deur sametrekking of weglating, of dat dit 'n toepaslike verandering ondergaan het. Verlies en verandering van hierdie aard is normaal in alle tale sedert liguïstiese tekens drasties verkort is.

Die verskynsel van klankbeïnvloeding word prakties opgesom deur Malm= berg (1963, p. 56): "In uttering the sounds of language, there is a ten= dency for speakers to try to obtain the maximum effect with the minimum effort. This is the reason why the speaker tries, when combining sounds, to avoid articulatory movements, which are not absolutely indispensable for the desired acoustic effect".

Die meeste klankveranderings is redelik goed in alle tale bestudeer en geklassifiseer. Klankveranderinge kan diachronies of sinchronies be=

studeer word. Die metode wat Meinhof gevolg het, is 'n voorbeeld van die bestudering van diachroniese klankveranderinge, nl. die historiese verloop daarvan. Met die sinchroniese bestudering van klankveranderinge word gelet op die veranderinge in taal in sy huidige gebruiksvorm. In hierdie studie word slegs gelet op die sinchroniese.

Die meeste Bantoetaalkundiges, wie se werke geraadpleeg is, beskou assimilasie en dissimilasie as die basiese oorsake van alle klankveranderinge. Hierdie opvatting word die beste weergegee deur Ziervogel (1967, p. 59): "Assimilasie en dissimilasie is eintlik die basiese oorsake van alle soorte klankveranderinge. Dit is egter eenvoudiger om elke besondere klankverandering 'n eie naam te gee en apart te behandel."

1.2.0 TIPES KLANKVERANDERINGE

3. Wanneer die werke van Bantoetaalkundiges oor klankveranderinge geraadpleeg word, loop jy jou vas teen 'n magdom van terme waardeur elke tipe klankverandering afsonderlik geterminologiseer word. Hier volg 'n lys van klankveranderinge wat saamgestel is uit die werke van Ziervogel (1967, p. 62-72), Ferreira (1961, p. 187-191), Kruger (1972, p. 1-21), Cole (1952, p. 39-50), Doke (1957, p. 24-34).

Hierdie lys van klankveranderinge is verteenwoordigend vir alle Suid-Afrikaanse Bantoetale.

Affrikatisasie
Alveolarisasie/alveolarisering
Analoë Nasalisasie
Analogie
Aspirasie by klas li-
Assimilasie
Assonansie
Deaspirasie
Denasalisasie
Dentilabialisasie
Devokalisasie
Dissimilasie

Elisie
Frikativisasie
Klankverharding
Klankversterking
Konsonantalisasie
Labialisasie / Labialisering
Metatesis
Nasalering van vokale
Nasalisasie
Newestelling van vokale
Palatalisasie / palatalisering
Plosivering
Velarisasie
Vokaalverandering binne-in 'n lettergreep
Vokaalvernouing
Vokaalvervanging
Vokalisasie
Wisseling van stemlose en stemhebbende kon=
sonante

1.3.0 DIE TWEE HOOFDELIKE KLASSIFIKASIEKRITERIA

Die benoeming van die verskillende tipes klankveranderinge, soos aan=gedui in die vorige afdeling, het hulle ontstaan uit twee hoofdelike klas=sifikasiekriteria, naamlik (a) indeling volgens resultaat, (b) indeling volgens oorsaak.

1.3.1 INDELING VOLGENS RESULTAAT

4. Doke, Cole en Ziervogel is die voorstanders van hierdie klassifikasie kriterium.

As 'n alveolare of bilabiale klank, bv. palataal word onder die in=vloed van 'n ander klank, noem hulle dit palatalisasie.

Ziervogel (1967, p. 61) sê: "Dit kom vir ons voor dat, aangesien die benoeming van die gevolge reeds tradisie geword het, ons daarby moet bly, maar dit slegs konsekwent moet toepas. 'n Verdere probleem is of ons die agtervoegstel -asie (bv. palatalisasie) of die agtervoegsel -ing (palatisering) moet gebruik by ons terme. Die woordvorme op -asie dui die "voltooide, die resultaat of stelsel" aan terwyl die -ing vorm "dikwels die proses of aktiwiteit aangee" (WAT)"

Ziervogel beweer verder (p. 61) dat hy die -asie vorm verkies om daarmee nie net die proses alleen aan te dui nie, maar ook die resultaat. Dit is volgens hom, dikwels ook nodig om bepaalde verskynsels wat 'n soortgelyke oorsaak het, te onderskei, sodat twee terme gevind moes word, nl. nasalisasie en nasalering.

1.3.2 INDELING VOLGENS OORSAAK

5. Die voorstanders van hierdie klassifikasiekriterium is Meinhof, Tucker en Endemann.

Kruger (1972, p. 4) som hierdie groep se benoemingsmetode soos volg op: "Hulle meen dat die benoeming volgens die interne oorsaak van klankveranderinge die mees wetenskaplike benoemingsmetode is, omdat dit 'n baie duideliker beeld gee van die fonemiese eenhede wat daarby betrokke is en omdat een oorsaak verskeie resultate kan gee".

Wanneer 'n bilabiale klank, bv. /p/ 'n alveolaar word, bv. /tš/ of 'n palataal, bv. /ts/ onder die invloed van, bv. 'n palatale /y/, noem hulle dit palatalisering.

1.3.3 'N KRITIESE BESPREKING

6. In hierdie afdeling word 'n aantal klankveranderinge kortliks bespreek soos dit benader word vanuit die twee hoofdelike indelingskriteria. Vir die doel word daar hoofsaaklik gebruik gemaak van Kruger (1972), wat in hierdie werk baie aandag geskenk het aan die twee hoofdelike indelingskriteria en ook insiggewende gevolgtrekkings gemaak het. Verder word Ziervo=

gel (1967) gebruik omdat hy die sterkste verteenwoordiger is van die groep wat volgens die resultaat benoem.

Hier volg kort kontrasterende voorbeelde van die mees algemene tipes klankveranderinge soos weergegee deur die voorstanders van die twee hoofdelike indelingskriteria.

A. Palatalisasie (benoem volgens resultaat).

Ziervogel (1967, p. 69) sê: "Palatalisasie is 'n stelsel waarvolgens konsonante met min of geen palatale eienskappe vervang word deur konsonante met meer palatale eienskappe".

Hy gaan voort (p. 69) deur te sê dat palatalisasie in Sotho dikwels as gemeenskaplike term vir palatalisasie en alveolarisasie gebruik word, omdat hulle meestal deur dieselfde "agens" veroorsaak word, maar veral omdat palatalisasie en alveolarisasie mekaar dikwels binne die Sothogroep wissel bv. tlala > tlatša (Noord-Sotho) en tlala > tlatsa (Suid-Sotho en Tswana).

B. Palatalisering (benoem volgens oorsaak)

7. Endemann (1943, p. 3) sê: "Die proses waardeur 'n klank wat nie palatale eienskappe besit, of wat alleen tot 'n geringe mate palatale neiging toon, om een of ander rede palataal respektiewelik meer palataal word, word dan ook palatalisering genoem".

Kruger (1972, p. 6) sê: "Palatalisering is 'n proses van klankverandering wat intree as gevolg van die invloed van:

(i) hoë voorvokale /i/ en /e/, en
(ii) die palatale semivokale /y/ of gesemivokaliseerde voorvokale (d.w.s. /i/, /e/, /ê/ wat na /y/ verander) op voorafgaande en daaropvolgende konsonante en vokale". Hy gaan voort deur te sê (p. 6) dat, wat ookal die resultaat mag wees, die resultatiewe foneme groter palatale eienskappe het as voorheen, m.a.w. die artikulasieplek verskuif nader na die palatum. Die resultaat hoef egter nie suiwer palataal te wees nie.

Daar word gerieflikheidshalwe onderskei tussen vokaalpalatalisering en konsonantpalatalisering.

a. Vokaalpalatalisering (vokaalverhoging)

"Vokaalpalatalisering word in die grammatikas beskryf as vokaalassimi= lasie (vokaalsamesmelting) waar twee vokale assimileer tot een, vokaalver= nouing en konsonantalisasie". Vgl. Kruger (1972, p. 6). Hierdie is al= mal benoemings volgens die resultaat.

b. Konsonantpalatalisering

8. Konsonantpalatalisering sluit die konvensionele alveolarisering in as daar volgens die resultaat benoem word.

Ziervogel (1967, p. 62) sê: "Alveolarisasie is 'n verskynsel waarby konsonante met min of geen alveolare eienskappe vervang word deur alveo= lare klanke".

Kruger (1972, p. 13) maak t.o.v. palatalisering die volgende opmerkings, nl. dat: "palatalisering nie noodwendig suiwer palatale foneme as resul= taat hoef te hê nie, maar dat hulle nogtans nader aan die palatum uitgespreek word; palatalisering in Noord-Sotho suiwer palatale foneme, en in Suid-Sotho en Tswana suiwer alveolare foneme tot gevolg het, behalwe in die ge= val van /l/ en /β/ waar die resultaat ook palataal is; labiale foneme by palatalisering gelabialiseerd bly; as die resultaat as benoemingskriterium gebruik word, daar ook van alveolarisasie sprake is, veral in Suid-Sotho en Tswana; palatalisering (vgl. ook labialisering) die rede is vir die groter getal palatale foneme in Noord-Sotho as in Suid-Sotho en Tswana; /m/ onder palatalisering 'n velêre klank as resultaat het.

C. Labialisering (benoem volgens resultaat)

9. "Labialisering is 'n verskynsel waarby nie-labiale konsonante so veran= der word dat hulle met lipronding uitgespreek word." Vgl. Ziervogel (1967, p. 67)

Labialisering (benoem volgens oorsaak)

Endemann (1943, p. 5) sê: "Onder Labialisering word dus bedoel die proses van klankwysiging waardeur klanke wat eers nie labiaal was, nou om een of ander rede labiale eienskappe kry".

Kruger (1972, p. 13) sê: "Labialisering (of Labio-velarisering) is 'n proses van klankverandering wat intree a.g.v. die invloed van

(i) hoë agtervokale /u/, /o/, /ɔ/ en
(ii) die labio-velêre semivokaal /w/ of gesemivokaliseerde agtervoka= le (d.w.s. /u/, /o/ en /ɔ/ wat na /w/ verander) op voorafgaande konsonante en vokale". Vgl. Kruger (1972, p. 13)

Hy gaan voort (p. 14) deur 'n onderskeid te maak tussen vokale en kon= sonante by die beïnvloeding van agtervokale en /w/. Daar word verder on= derskei tussen vokaalvelarisering en konsonantlabialisering.

a. Vokaalvelarisering (vokaalverhoging)

10. Die grammatici wat klankveranderinge benoem volgens die resultaat be= skryf vokaalvelarisering as vokaalassimilasie (vokaalsamesmelting) waar twee vokale saamsmelt tot een, vokaalvernouing waar vokale nader aan die monddak uitgespreek word.

In terme van die oorsaak as uitgangspunt word vokaalvelarisering be= skryf as 'n proses waarby vokale groter velare eienskappe verkry onder die invloed van vokale en konsonante met sterk velare eienskappe. Die resul= taat hiervan is dat vokale nader aan die monddak uitgespreek word, net soos by palatalisering. Vokaalpalatalisering en vokaalvelarisering oefen dus dieselfde invloed uit omdat sowel palatale as velare eienskappe digby die monddak uitgespreek word.

Vokaalvelarisering kan gerieflikheidshalwe weer onderverdeel word in: vokaalassimilasie, vokaalvernouing en semivokalisering van agtervokale (konsonantalisasie).

Die bg. drie klankveranderinge word in terme van die benoeming volgens die resultaat, soos volg beskryf:

b. Vokaalverandering binne in 'n lettergreep (Ziervogel, 1967, p. 70)

11. "Vokaalverandering binne-in 'n stam is 'n verskynsel waarby 'n i binne-in 'n ander lettergreep verplaas word en met a van die lettergreep saamsmelt tot (ɛ), bv. apara > apêre."

Dit is egter moeilik om hierdie term te onderskei van wat Ziervogel vokaalsamesmelting noem. Vgl. Ziervogel (1967, p. 70). "Vokaalsamesmelting is hoofsaaklik 'n Nguniverskynsel en volg wanneer a deur i of u gevolg word binne dieselfde woord.

c. Konsonantalisasie Vgl. Ziervogel (1967, p. 66)

12. "Hierdie verskynsel kom voor waar 'n vokaal sy vokaliese kwaliteite verloor en konsonantiese kwaliteite aanneem, m.a.w. 'n semivokaal word; bv. tau > tawana."

Die volgende opmerking word deur Kruger, (1972, p. 17) gemaak by palatalisering en labialisering. "Omdat sowel die /w/ as /y/ foneem of oorgangsklank die foneme so beïnvloed dat hulle nader aan die monddak uitgespreek word, is die resultaat sodanig dat dit nie veel van mekaar verskil nie. Dit is die geval by sekere klanke".

13. Hy gaan voort (p. 18) deur te beweer dat by labiale klanke, palatalisering en labio-velarisering feitlik nie van mekaar verskil wat resultaat betref nie. Die resultaat in Noord-Sotho is in beide gevalle 'n labio-palatale foneem met 'n alveolaar in die geval van /p/ en /ph/, maar by passiewe is dit labio-palatale in alle gevalle. Die resultaat is in Suid-Sotho 'n alveolaar + die foneem /w/ by palatalisering. Die /y/ foneem trek die oorspronklike klank nie so ver na die palatum soos /w/ nie. In Suid-Sotho is daar wel sodanige verskil in die resultaat dat 'n onderskeid tussen palatalisering en labio-velarisering geregverdig is. In Tswana is die resultaat by palatalisasie 'n alveolaar en by labio-velarisasie is dit palatale.

Kruger (1972, p. 19) kom tot die volgende gevolgtrekking: "Ons kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat daar regverdiging bestaan vir die erkenning van sowel palatalisering as labio-velarisering op grond van 'n benoeming in terme van sowel oorsaak as resultaat".

D. Plosivering

14. Hiervan sê Ziervogel (1967, p. 69): "Die term plosivering word vir die Sothotale gebruik in plaas van nasalisasie omdat die oorsaak van die klankveranderinge nie tot 'n nasaal beperk is nie". Hy lig hierdie beweering van hom toe met die volgende voorbeelde:

f ph: -mpha(my gee) < -fa(gee)
-ipha (jouself gee) < -fa(gee)

Volgens Kruger (1972, p. 19) is plosivering "'n assimilasieproses waarby konsonantfoneme met 'n swak lugversperring 'n sterk lugversperringseienskap bykry deur die oordra van die versperringseienskap van die nasaal /n/. Dit beteken dat die nasaal sy versperringskenmerk oordra op die daaropvolgende konsonante met swak versperring, só dat hulle meer of geheel-en-al afgesluit word.

Die meeste grammatici benoem hierdie verskynsel met die volgende terme, nl.: nasalering, klankversterking en nasaalversterking. (Vgl. par. 100)

E. Nasalering

15. Ziervogel (1967, p. 67) sê: "Nasalering is 'n proses waarin vokale genasaleer word voor 'n nasaal".

Van nasalisasie sê hy egter (p. 68) dat dit na die oorsaak van die klankverandering verwys en nie na die veranderde klanke self nie. Hy gaan voort: "By die studie van sommige tale is dit insiggewend om die proses van verandering uit die kousale of veroorsakende oogpunt te beskou".

Kruger (1972, p. 20 en 21) sien nasalering as 'n proses waarvolgens 'n nasaal sy nasale kenmerk op 'n daaropvolgende foneem oordra. Hy gaan voort (p. 21) "In Sotho is /b/ die enigste foneem wat /m/ word onder invloed van /m/ bv. mo-bŏna > mbona > mmona. Vokale na /m/ of /n/ of /g/ word ook enig=sins genasaleerd uitgespreek. Dit is egter geen besondere kenmerk van So=tho nie".

Uit die vergelyking van die klankveranderinge soos weergegee deur die twee benaderingswyses is dit baie duidelik dat daar heelwat probleme is wat 'n oplossing vra.

Dit wil voorkom asof daar minder probleme ondervind word, om, soos Ziervogel (1967, p. 59) beweer, elke klankverandering afsonderlik te be=handel.

Hierdie benaderingwyse bevredig egter nie, omdat daar geen verwysing is na die <u>veroorsakende klanke</u> nie. Hierdie benaderingswyse is ook soms genoodsaak om sommige klankveranderinge (vgl. labialisering, palatalisering en nasalering) vanuit die <u>oorsaak</u> te benader.

Soos reeds aangedui (vgl. par. 5) blyk benoeming volgens die oorsaak 'n meer wetenskaplike benadering te wees, omdat die veroorsakende klank hier meer prominent na vore gebring word.

Die huidige toestand met betrekking tot die benadering t.o.v. klank=veranderinge veroorsaak nog baie onduidelikheid. Dit is derhalwe nodig dat daar gepoog sal word om 'n eenvormige sisteem te ontwerp waarvolgens klankveranderinge benoem kan word.

In die volgende afdeling sal gepoog word om so 'n sistematisering voor te stel.

1.4.0 SISTEMATISERING VAN KLANKVERANDERINGE

16. Volgens Kruger (1972, p. 1) vind die oorsaak van klankveranderinge (fonetiese aanpassings) sy beslag in sekere prosesse. Hierdie prosesse is:

A. Assimilasie
B. Elisie
C. Dissimilasie
D. Metatesis

Met betrekking tot die Sothotale het dit tyd geword dat dissimilasie en metatesis as fonologiese prosesse ter syde gelaat word.

Dissimilasie word allerweë beskryf as (vgl. Kruger, 1972, p. 3) "die verskillend maak van twee opeenvolgende eenderse of gelyksoortige konsonante".

Heffner (1960, p. 199) sê: "dissimilation is due to the avoidance of the difficulty of execution of two identical or closely similar movements within a very brief period of time".

Kruger (1972, p. 3) gaan voort: "Dis te betwyfel of dissimilasie werklik in Sotho voorkom. Klankveranderinge wat as voorbeelde van dissimilasie aangegee word, is in werklikheid gevalle van assimilasie, soos m + w wat verander tot ngw waar w sy velêre kenmerk op /m/ oordra. Waarom dit as dissimilasie beskou word, is omdat altwee klanke labiaal is waarvan een nie-labiaal gemaak word". Hierdie proses moet dus eerder as velarisering beskou word.

17. Van metatesis sê Kruger (1972, p. 3) die volgende: "Metatesis is die term wat gebruik word om aan te dui dat klanke omgeruil word, soos in NS. leribisi/ lesibiri, fêlêgêtsa/-fêgêlêtsa. Hierdie proses kom nie baie voor nie, want in die fonologiese struktuur van woorde is volgorde 'n dwingende bouprinsiep".

Omdat metatesis slegs sporadies in Sotho voorkom, en dan ook in uiters beperkte gevalle, verdien hierdie proses ook eintlik nie aandag wanneer klankveranderinge in Sotho bestudeer word nie.

18. Assimilasie en elisie is dus die enigste twee prosesse waarvolgens klankveranderinge in Sotho behoort benoem te word.

Elisie kan nie volgens die resultaat benoem word nie, omdat daar nie 'n resultatiewe klank gerealiseer word nie.

Die enigste alternatief is dus om, soos Kruger (1972, p. 5) dit stel, klankveranderinge te benoem "volgens sowel die proses as die oorsaak."

Assimilasie kan t.o.v. Sotho dus soos volg opgesom word: Vgl. Kruger (1972, p. 5 - 12).

19. "Hieronder verstaan ons die proses (verskynsel) waar 'n bepaalde fo= neem (of foneemvariant) ál of gedeeltelik die kenmerke van 'n voorafgaande of daaropvolgende foneem oorneem. Dit kan gebeur t.o.v. artikulasieplek, artikulasiewyse of ander fonetiese kenmerke soos stem, aspirasie, spanning, ens. Assimilasie kan progressief (antisiperend) of retrogressief wees."

Hy gaan voort (p. 6) "Die oorsaak van assimilasie (en die ander pro= sesse) is fonetiese aanpassing. Assimilasie is 'n versamelterm vir verskeie soorte fonetiese aanpassings wat weer onderverdeel word in terme van die tipe fonetiese kenmerk waaraan klanke aanpas of wat invloed uitoefen."

Kruger onderskei verder vier fonetiese aanpassings onder assimilasie naamlik:

A. Palatalisering
B. Labialisering
C. Plosivering
D. Nasalering

Kruger (1972, p. 7) gaan voort: "Gewoonlik word hulle beskou as oor= sake van klankverandering terwyl ons hulle beskou as subkategorieë (prosesse) met een oorsaak nl. fonetiese assimilasie."

20. Al die klankveranderinge wat in afdeling 1.2.0 genoem is en wat ook in die Sothotale voorkom kan derhalwe onder hierdie vier subkategorieë geklas=

sifiseer word onder die hoofopskrif assimilasie (vgl. onderstaande skema).

1.4.1 OORSAKE VAN KLANKVERANDERINGE

I. Assimilasie

A. Palatalisering

a. Vokaalpalatalisering
b. Vokaalassimilasie
c. Vokaalvernouing
d. Semivokalisering
e. Konsonantalisasie
f. Konsonantpalatalisering
g. Alveolarisering
h. Affrikatisasie
i. Frikativisasie

B. Labialisering (Labio-velarisering)

a. Vokaalvelarisering
b. Vokaalassimilasie
c. Vokaalvernouing
d. Konsonantalisasie
e. Konsonantlabialisering
f. Konsonantvelarisering
g. Konsonantlabio-velarisering

C. Plosivering

Hierdie proses word in die grammatikas ook met die volgende terme benoem:

a. Nasalering
b. Nasalisasie
c. Klankversterking
d. Nasaalversterking
e. Aspirasie by Oerbantoe klas li-
f. Devokalisasie
g. Klankverharding

D. Nasalering

II. Elisie

13. Elisie vorm gewoonlik die versamelterm vir

A. Apokopee
B. Sinkopee
C. Aferese (Vgl. par. 53)

Oor hierdie oorsaak van klankveranderinge word daar verder in die studie gehandel.

HOOFSTUK 2

2.0.0 WAT IS ELISIE

2.1.0 INLEIDING

In al die fonolgiese studies wat geraadpleeg is, is die elisie= verskynsel as fonologiese proses genoem, maar daaraan is meestal baie minder aandag gegee as aan die ander prosesse. Gewoonlik word met slegs enkele voorbeelde van foneemelisie volstaan.

Omdat elisie 'n heel prominente rol by die meeste tipes klankveran= deringe speel, regverdig dit 'n grondige ondersoek. Daarbenewens word elisie as proses deur die meeste Bantoetaalkundiges terloops genoem in hulle bespreking van ander fonologiese prosesse.

2.1.1 ELISIE IN DIE ALGEMENE LITERATUUR

21. Vooraf is dit nodig om te let op wat die verskillende taalkundiges onder die term elisie verstaan.

Danial Jones (1966, p. 133) sê: "Elision is the dropping of a sound which once existed or which still exists in precise speech."

Le Roux en Pienaar (1927, p. 167) sê dat die uitstoting van 'n klank ook as 'n tipe assimilasie beskou kan word.

Meyer de Villiers (1967, p. 65) gee enkele voorbeelde van sinkopee, apokopee en aferese sonder dat hy 'n samevattende definisie van elisie gee.

Wanneer die bespreking van elisie in die algemene literatuur onder= soek word, blyk dit dat die meeste Afrikaanse, Nederlandse sowel as Engel= se taalkundiges dit behandel in terme van die omgewing waar dit plaasvind.

Heffner (1960, p. 178) sê byvoorbeeld dat die samesmelting van morfeme in woorde en woordgroepe, dikwels die weglating van sekere wesentlike elemente tot gevolg het.

Die Taalkundiges gebruik deurgaans die terme elisie, elision of omission vir die weglating van 'n element of elemente. Die term elisie sal ook deurgaans in hierdie studie gebruik word.

Elisie word gewoonlik as versamelterm vir aferese, sinkopee en apokopee gebruik.

As die aanvangsklank van 'n woord of morfeem weggelaat word, word dit gewoonlik aferese of voorafkapping genoem. As 'n mediale klank weggelaat word, word die verskynsel sinkopee genoem, en as die eindklank van 'n woord of morfeem weggelaat word, word dit apokopee genoem.

Sinkopee kom dikwels voor in die samesmelting van spraaktempo. Vgl. Heffner (1960, p. 179). Soms word die gesinkopeerde vorm gevestig in taalgebruik vir die suiwer fonetiese behoeftes van die taaluiting. Deur middel van sinkopee word baie historiese vorme duidelik.

Die finale element van 'n woord kan weggelaat word deur middel van apokopee. Hoewel sinkopee en aferese vir Heffner ook die weglating van klanke in bepaalde omgewings verteenwoordig, sluit hy slegs apokopee onder die term elisie in. Vgl. Heffner (1960, p. 180)

2.1.2 ELISIE IN DIE BANTOETALE LITERATUUR

22. Die begrip elisie is deur die Bantoetaalkundiges onbevredigend en vaag beskryf.

Daar word kortliks gelet op enkele definisies of beskrywings van Bantoetaalkundiges van die begrip elisie.

Cole (1955, p. 49) sê: "Elision is the effacement or dropping of a sound."

Doke (1957, p. 33) gee geen definisie nie, maar meld dat daar twee soorte elisie in Suid-Sotho voorkom naamlik vokaalelisie en elisie van intervokaliese konsonante.

Fortune (1955, p. 19) sê: "Elision is that sound change which re= sults in the disappearance of a sound.

Ziervogel (1967, p. 65) sê: "Elisie is 'n verskynsel wat voorkom wanneer een of meer klanke weggelaat word." (Vgl. par. 50)

Alle Bantoetaalkundiges verwys in hulle werke in mindere of meerdere mate na elisie as 'n fonologiese proses.

Die meeste taalkundiges gee egter net aandag aan die paar mees voor die handliggende voorbeelde van elisie om die verskynsel te illustreer.

In die bespreking van elisie in die Bantoetale literatuur, word daar eers aandag gegee aan die bespreking van elisie in ander Bantoetale. Vir dié doel is slegs twee persone se werke gekies naamlik Fortune se AN ANA= LYTICAL GRAMMAR OF SHONA en Van Eeden se ZOELOE GRAMMATIKA omdat hulle, na ons mening, die meeste aandag aan elisie gegee het. Daarna sal aandag gegee word aan werke van skrywers wat hulle spesifiek oor elisie in die Sothotale uitgespreek het.

A. ELISIE IN ANDER BANTOETALE (Shona en Zoeloe)

23. Fortune, in sy werk: AN ANALYTICAL GRAMMAR OF SHONA, gee baie aandag aan veral vokaalelisie in Shona.

Met betrekking tot vokaalelisie onderskei hy tussen finale elisie en aanvangselisie. Vgl. Fortune (1955, p. 19 - 20). Finale elisie beskou hy as die elisie van die eindvokaal van die eerste woord of morfeem van wat hy 'n samestelling noem.

Met aanvangselisie bedoel hy weer, die elisie van die eerste vokaal van die tweede woord of morfeem in 'n samestelling van twee woorde of mor= feme.

Hy gee ook enkele voorbeelde van konsonantelisie in Shona. Vgl. Fortune (1955, p. 23 en 30). Hoewel hy aandag gee aan elisie van veral die prefiks van klas 5 in Shona, blyk dit dat die morfeemstatus van die morfeem tydens elisie daarvan nie in gedrang kom nie. Dit is waarskynlik foneemelisie wat klankversterking tot gevolg het, want hy sê:

(1955, p. 35) "The prefix of class 5, consonant and vowel, is in all cases elided. In some cases, viz. in all cases when the initial phones of noun stems are p,t,k,c, ts and also, though very seldom, when the stem begins with pf, this elision leaves a trace in the voicing of these initial phones."

Hy wys verder daarop dat die prefiks dzin- van die Oer-Bantoe klas 10 li-ni in beperkte gevalle aangetref word by monosillabiese stamme. Andersins kom dit in Shona voor as -dzi-, as prefiks met sekondêre funksie. In alle ander gevalle in dié klas is die prefiks geheel afwesig. Hy gee egter geen aanduiding of die prefiks as morfeem geëlisieer is of as foneemreeks nie.

Fortune benoem die proses van elisie volgens die omgewing waar dit voorkom. In dié verband gee hy slegs aandag aan elisie van vokaalfoneme en konsonantfoneme.

Vokaalfoneme word skynbaar in Shona geëlisieer wanneer dit voorkom as aanvangs- of eindfoneem van woorde en morfeme, asook in die prefikse van sommige naamwoordklasse onder bepaalde omstandighede.

Elisie van konsonantfoneme vind hoofsaaklik in die prefikse van sommige naamwoordklasse plaas.

24. Opsommend kan gestel word dat Fortune:

a. nêrens pertinent aandag aan morfeemelisie en woordelisie gee nie
b. geen reël neerlê om aan te toon hoekom 'n spesifieke element onder bepaalde omstandighede en in 'n bepaalde omgewing geëlisieer word, en 'n ander soortgelyke element in soortgelyke omstandighede sy plek behou nie.

Van Eeden, in sy ZOELOE GRAMMATIKA, skenk in hierdie werk ook heel=wat aandag aan veral vokaalelisie. Die rede hiervoor gee hy, van Eeden (1956, p. 46) soos volg:

"Vokaalelisie, dit wil sê die weglaat van 'n vokaal, vind plaas wan=neer twee woorde (of woordgroepe) verenig of verbind en daar also 'n nuwe woordgroep gevorm word, en die oorsaak daarvan lê in die feit dat nage=noeg alle Zoeloewoorde (en ook formatiewe) op 'n vokaal uitgaan, en dat baie woorde, veral nomina, adjektiewe en relatiewe ook met 'n vokaal aan=vang."

Hy gaan voort deur te sê dat dit in sommige gevalle die aanvangsvo=kaal van die tweede woord is wat wegval, terwyl dit in ander gevalle die slotvokaal van die eerste woord is.

Dan noem hy die verbindings waarin "die tweede vokaal" (d.i. die aan=vangsvokaal van die tweede woord) wegval, en die verbindings waartydens "die eerste vokaal" (d.i. die slotvokaal van die eerste woord) wegval (p. 47).

Verdere voorbeelde van vokaalelisie word gegee op p. 119, 193, 204, 478, en 736. Op p. 738, word 'n opsomming gegee van gevalle van elisie van die aanvangsvokaal van woorde.

Dan verwys hy slegs terloops na prefikse van woorde wat wegval. Vgl. (p. 119 en 478).

Die benoeming van die vokaalfoneme wat geëlisiëer word, is baie ver=warrend. Hy praat van elisie van die eerste en tweede vokaal. Hy kon mis=kien volstaan met die terme van aanvangsvokaal en eindvokaal.

Daar word ook nêrens 'n rede aangevoer waarom daar in sommige gevalle elisie van die eindvokaal van die eerste woord plaasvind en in ander ge=valle elisie van die beginvokaal van die tweede woord nie. Vgl. (p. 47)

Waar hy wel verwys na prefikse wat wegval, gee hy geen aanduiding of die morfeemstatus van die prefiks in gedrang gekom het en of dit slegs as foneemreeks geëlisieer is nie.

B. ELISIE IN DIE SOTHOTALE

25. Vervolgens word samevattend aandag gegee aan elisie soos weergegee deur Doke (1957), Cole (1955), Paroz (1946), Ziervogel (1967), Endemann (1964), Kruger (1972), Van Eeden (1941) en Khaketla (1951).

Doke (1957, p. 33) sê dat elisie in Suid-Sotho min voorkom omdat prefikse van naamwoorde in hierdie taal nie met vokale aanvang nie. Dis klaarblyklik gesê as gevolg van 'n vergelyking met Zoeloe.

26. Hy onderskei twee tipes elisie: vokaalelisie en elisie van intervokaliese konsonante. (Vgl. par. 34 en 40)

27. Cole (1955, p. 49), aan die anderkant, sê dat elisie nie skaars is in Tswana nie en bevind ook dat vokaalelisie meer dikwels voorkom as konsonantelisie. (Vgl. par. 34 en 46)

28. Ziervogel (1967, p. 115), onderskei hoofsaaklik drie soorte elisie in Suid-Sotho:

a) morfologiese elisie
b) opsionele sintaktiese elisie
c) verpligte sintaktiese elisie (Vgl. par. 42, 46).

29. Hoewel die meeste Bantoetaalkundiges die redes vir klankveranderinge in foneemkombinasies soek, gee Endemann (1964, p. 4) 'n praktiese rede wat op die sillabestruktuur gegrond is. Hy het bevind dat wanneer die normale sillabestruktuur van konsonant + vokaal deur suffigering konsonant + vokaal + vokaal word, die neiging bestaan om weer te reduseer tot die normale struktuur van K + V. (Vgl. par. 39)

Hierdie tendens van abnormale sillabes of abnormale kombinasies om te reduseer tot normale sillabes gaan gepaard met verskillende tipes klank= veranderinge binne hierdie spesifieke foneemkombinasies. Hierdie kombi= nasies noem hy die Critical Syllable. Hy sê verder dat nie alle K.V.V. samestellings uitloop op klankverskuiwings nie. Sodanige samestellings wat nie uitloop op klankverskuiwings nie, moet beskou word as bestaande uit twee lettergrepe K.V.-V. byvoorbeeld

re - a - tsoma 'ons jag'

30. "Die redusering van $K_1V_1V_2$ tot normale KV word deur een van die vol= gende fonologiese prosesse gerealiseer:

i. Samesmelting van $V_1 + V_2$, d.w.s. $C_1 (V_1 V_2) > C_1V_3$

ii. Elisie van V_1 : $C_1(V_1)V_2 > C_1V_2$

iii. Konsonantalisering of devokalisering van V_1 tot y of w, waarna V deur C geabsorbeer word en C_2 word, deur een van die prosesse van vernouing. D.w.s.

$$(C_1V_1)V_2 > (C_{1\frac{w}{y}}) \quad V_2 > C_2V_2$$

Vgl. Endemann (1964, p. 11)

In hierdie studie word egter voortaan net aandag gegee aan sy voor= beelde waar elisie as fonologiese proses in werking getree het. (Vgl. par. 39)

Kruger (1972, p. 21 - 24) het elisie as fonologiese proses die breed= voerigste van alle Bantoetaalkundiges, wie se werke geraadpleeg is, beskryf.

31. Hy het ook die mees omvattende definisie van elisie gegee nl. (1972, p. 21). "Elisie is die wegval van 'n foneem (of foneemreeks) of 'n morfeem uit 'n woord of van 'n woord uit 'n konstruksie". Gevolglik onder= skei hy tussen foneemelisie, morfeemelisie en woordelisie. (Vgl. par. 50)

Aangesien Kruger elisie vollediger as alle ander Bantoetaalkundiges bespreek het, word sy skema hier gebruik om die voorbeelde wat in die Ban= toetale literatuur aangetref is, weer te gee. Hy en Ziervogel is ook die

enigste skrywers wat elisie in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho in hulle werke ingesluit het.

Onder foneemelisie verstaan Kruger (1972, p. 21), die wegval van 'n foneem uit 'n woord. Al die skrywers van werke in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho, onderskei tussen vokaalelisie en konsonantelisie.

C. VOORBEELDE VAN ELISIE IN DIE BANTOETALE LITERATUUR

32. Hier volg 'n samevatting van die verskillende vorme van elisie wat in die verskillende werke aangetref is. Onder elke opskrif word slegs die skrywers genoem in wie se werk die voorbeelde van die bepaalde soort elisie voorkom. Sommige skrywers het meer voorbeelde gegee as ander. In baie gevalle het verskillende skrywers dieselfde voorbeelde gegee.

Voorbeelde in hierdie hoofstuk word in die gewone ortografie gegee soos dit in die skrywers se werke gerealiseer is. Die enigste aanpassings wat hier gemaak is, is dat voorbeelde uit werke wat in die ou ortografie geskryf is, aangepas is in die nuwe ortografie.

In hoofstuk 3 en 4 sal alle voorbeelde foneties geskryf word.

I. FONEEMELISIE

a. Die elisie van 'n vokaal tussen twee l-e, m-e, n-e en r-e

34. Vgl. Kruger (1972, p. 21), Cole (1955, p. 49), Doke (1957, p. 33), Ziervogel (1967, p. 316) en Khaketla (1951, p. 7).

Dit is 'n kenmerk van al die Sothotale dat die neiging bestaan dat 'n vokaal tussen die bg. eenderse duurkonsonante geëlisieer word. Dit is hoofsaaklik diachroniese gevalle. Hierdie verskynsel kom voor by:

i. Enkele naamwoorde, bv.

mol(e)lo	>	mollô
mon(o)na	>	monna
m(a)me	>	mme
r(a)re	>	rre

Doke (1957, p. 33) gee ook ho lela > ho lla aan.

Hoewel hy nie elisie aantoon nie, sê van Eeden (1941, p. 13), dat al vier die nasale m,n,ny en ng sillabiese waarde kan hê. Hy gee die volgende voorbeelde:

mme
nna
nnyeo
nngwe

ii. Elisie uit die agtervoegsels el(e)l en -ol(o)l-, (Vgl. Kruger (1972, p. 21), Cole (1955, p. 49), Khaketla (1951, p. 8) en Doke (1957, p. 33).

35. Hoewel Kruger (1972, p. 21), sê dat hierdie vorm van elisie net op Noord-Sotho en Suid-Sotho van toepassing is, sê Cole (1955, p. 49) "..... there is a tendency in the eastern and northern dialects to elide the vowels e,ê and o when preceded and followed by l, resulting in the first l becoming syllabic".

Hierdie vorm van elisie kom in Tswana net fakultatief voor en is nie 'n kenmerk van die taal soos in die geval van Suid-Sotho nie.

Die meeste voorbeelde is deur Kruger en Khaketla gegee.

ngol(e)la	>	ngolla
ful(e)la	>	fulla
lela	>	lla
qetelela	>	qetella
bolelela	>	bolella
salêla	>	salla

balêla > balla
bofolola > bofolla
utolola > utolla
tlamolola > tlamolla
olela > olla

iii. Die perfektumvorme van werkwoorde eindigende op -na en -ma, Elisie van die /i/ van -ile

(Vgl. Kruger (1972, p. 21) en Khaketla(1951, p. 10)

36. Khaketla verstrek baie voorbeelde van elisie in hierdie omgewing. Sy weergawe van die historiese verloop van die fonologiese aanpassings is egter nie aanvaarbaar nie bv.

shema > shemile > shemle > shemme

Volgens Kruger, en dit is ook die algemeen aanvaarde teorie oor die historiese verloop van fonologiese aanpassings in hierdie omgewing, het die proses soos volg verloop.

alamile > alamime > alamme

Hier volg nog 'n aantal voorbeelde uit die twee werke.

ganile > ganne
lemile > lemme
lomile > lomme
romile > romme

iv. Elisie in die kombinasie mo-b

(Vgl. Kruger (1972, p. 21), Khaketla (1951, p. 10) en Doke (1957, p. 33).

37. Hierdie proses is kenmerkend van al drie Sothotale. Die skrywers is dit in hierdie geval eens oor die historiese verloop van die fonologiese prosesse. Die volgende voorbeelde is gegee:

mobusi > mbusi > mmusi
mo-bona > mbona > mmona
mobusisi > mbusisi > mmusisi
mobutla > mbutla > mmutla
mobila > mbila > mmila

Kruger (1972, p. 21) en Cole (1955, p. 49) dui ook elisie in die kombinasie mo-f in Tswana aan. Doke volstaan met die aantoon van die verloop van die proses nl. mof > mf > mh en gee geen voorbeelde nie. Kruger gee een voorbeeld nl.

mofago > mfaga > mphago

b. Elisie van die eindvokaal van sekere naamwoorde by die suffigering van -ana

38. Die verlies van die eindvokaal van sekere naamwoorde by die suffigering van die dimunitiewe suffiks -ana is net deur Kruger (1972, p. 21) en Ziervogel (1967, p. 316) aangetoon.

Die voorbeelde is egter baie beperk.

motse > motsana
tsela > tselana
modiši > modišana
kgosi > kgosana

c. Elisie van vokale uit skakels en voornaamwoorde

39. Kruger (1972, p. 22), Ziervogel (1967, p. 316), maar veral Endemann (1964, p. 8) het aan elisie in hierdie omgewing aandag gegee.

By die vorming van absolute voornaamwoorde en skakels word die vokaal van die kategoriale morfeem, van sommige klasse, geëlisieer in die proses van fonologiese aanpassing na suffigering van suffikse om die spesifieke skakels of voornaamwoorde te vorm.

Die volgende voorbeelde is aangetoon deur bg. skrywers in Noord-Sotho. (Vgl. par. 30)

i. Die absolute voornaamwoord

onderwerpskakel + ona

ma - klas:a + ona (a)ona > ona
se - klas:se + ona > s(e)ona > sona

ii. Die Kwantitatiewe voornaamwoord

onderwerpskakel + -ohle

ba - klas: ba + ohle > b(a)ohle > bohle
ma - klas: a + ohle > (a)ohle > ohle
le - klas: le + ohle > l(e)ohle > lohle

iii. Die possessiewe voornaamwoord

onderwerpskakel + a

se - klas: se + a > s(e)a > sa
ma - klas: a + a > (a)a > a
ba - klas: ba + a > b(a)a > ba

d. Elisie uit enkele naamwoorde met vokaalstamme

Vgl. Kruger (1972, p. 22) en Cole (1955, p. 49)

Albei skrywers gee:

maitlho/maihlo > matlho/ mahlo

ba-ana > bana

Cole gee ook nog baêtsi > bêtsi

Hoewel Khaketla (1951, p. 9) meer voorbeelde gee, beskou hy dit as vokaalsamesmelting en word derhalwe nie hier aangetoon nie.

e. Elisie van /i/ uit /-is-/

Kruger (1972, p. 22) is die enigste taalkundige wat elisie in hier-die omgewing geïdentifiseer het.

Dit kom voor by die kousatiewe vorm van werkwoorde wat eindig op -na.

-tsênisa > tsênsa > tsentsha
-bonisa > bonŝa > bontŝha

f. Konsonantelisie

Vgl. Kruger (1972, p. 22), Doke (1957, p. 33) en Cole (1955, p. 49).

40. Hoewel al drie skrywers van mening is dat konsonantelisie baie minder as vokaalelisie voorkom, meen Doke dat elisie van h baie voorkom in Suid-Sotho. Elisie van ander konsonante is egter beperk.

Die skrywers gee die volgende verteenwoordigende voorbeelde:

phôôfôlô < phôlôfôlô

phio < philo

na le < ne

-lêêlê < lêlêlê

khwabana > khwana

mebutla > meutla

Cole gee verder:

motho yo molêêlê stam-lêlêlê

sôô < sêo < selo

goo < goo < golo

Cole wys verder op die elisie van die nasale element in klasse 5 enkelvoud, 4, 5 en 6 meervoud by meerlettergrepige stamme.

Doke beweer dat die voorbeelde van elisie van h in Suid-Sotho tal= ryk is maar gee slegs twee voorbeelde nl.

bahahi > baahi
motshehare > motseare (vgl. par. 26)

g. Elisie uit Lokatiefklasnaamwoordgroepe

41. Kruger (1972, p. 22) wys op elisie van /h/ uit die possessiefskakel ha in SS, bv. hodimo ha > hodima, tlase ha > tlasa, ens.

Paroz (1946, p. 161) sê die volgende : "When a preposition is formed of an adverb followed by the genetive partical a, the last vowel of the adverb is elided". Hy gee die volgende voorbeelde:

pelá
hodimá
ka mor'a

Hierdie bewering van Paroz is egter baie twyfelagtig. (vgl. par. 123.)

h. Elisie uit Hulpwerkwoordgroepe

42. Ziervogel (1967, p. 316) bring slegs een voorbeeld van elisie van h ter sprake onder die opskrif Verpligte sintaktiese elisie. (vgl. par. 28)

Hy sê: "Hierdie soort elisie kom nie in Suid-Sotho voor nie, buiten miskien in die toekomende tyd se hulpwerkwoord tlô < tla ho waar tlo in opposisie tot tlile ho staan, m.a.w. by hierdie elisie is daar 'n beteke= nisverskil tussen die vol vorm en die vorm met elisie."

Kruger (1972, p. 22) wys op elisie van /g/ uit:
-tla + go > tlô

tlilê + go > tlilô

Paroz (1946, p. 162) bespreek onder die opskrif "abbreviations" allerlei verkorte konstruksies, maar dui nie altyd die elemente wat geëlisieer word duidelik aan nie.

43. Met betrekking tot die woord nnqa - rigting, toon hy aan dat dit verkort word in die volgende gevalle, bv.

nnq'a Maseru - in die rigting van Maseru
nnq'ane - aan daardie kant
ka nnq'ena - aan hierdie kant

44. Paroz (1946, p. 162) gee aan, volgens hom, slegs die mees belangrike vorme van verkorte vorms in werkwoordkonstruksies aandag. Hy gee die volgende voorbeelde:

Die ne-verlede tyd:

o n'a ruta
o n'o ruta

Die toekomende tyd:

ke ya ruta > ke'a ruta

Die negatief:

se ke wa ruta > se k'a ruta

Die Habituale modes:

o ye a rute > o y'a rute

Hy sê verder p. 162: "The auxiliaries nna, ntse, hla, ba, be, etc. when followed by a pronoun without consonant, sometimes lose their vowel by elision".

o nts'a ruta
o nn'o ruta
o hl'a sebetsa

Hy noem verder die werkwoorde ho ya en ho tla, waarvan die vokaal elisiëer as dit gevolg word deur 'n voornaamwoord sonder 'n konsonant of ho.

o tl'a utlwe
re y'o molella

45. Paroz (1946, p. 162) sê verder: "In very fluent speech, it happens that several vowels, semi-vowels and h's are elided and the verb takes a very strange aspect".

tsam'o sebetsa < tsamaya o ye ho sebetsa
o'a rute < o ye a rute

Die lg. voorbeelde is egter nie aanvaarbaar nie, omdat die geëlisi= eerde vorm en die volvorm, soos Paroz dit realiseer, moeilik met mekaar versoen kan word. (vgl. par. 56)

i. Elisie uit possessiewe groepe

46. Onder die opskrif "Relationship nouns" gee Paroz (1946, p. 100) aan= dag aan hierdie naamwoorde in kombinasie met die tweede en derde persoon se possessiewe voornaamwoorde nl. hao en hae.

Hy beweer dat hao en hae verkort na ao en ae, wanneer dit direk aan verwantskapsnaamwoorde geheg word, met elisie van die uitgangsvokale van die naamwoord, bv.:

ntat'ao
mm'ae

Verder sê Paroz dat daar geen elisie is nie maar 'n verkorting van die uitgangsvokaal in nkgono > nkgono'ao.

Moena, motswala word soms op dieselfde wyse behandel, bv.
moen'ae en motswal'ao.

Hy neem ook waar dat sekere naamwoorde in klas 1 saam met hierdie possessiewe konstruksie verkort kan word, deur elisie van die uitgangsvokaal sowel as die semi-vokaal (w) van die possessiewe voornaamwoord. (vgl. par. 56)

Hy gee die volgende voorbeelde:

mor'a ka
ngwan'a hao
moren'a rona
mohats'a Johane

In die geval van mong is die geval anders, bv.

mong'a ka (vgl. Paroz (1946, p. 101)

Paroz (1946, p. 101) gee ook die volgende voorbeelde sonder enige verdere verduidelikings.

ntate - moholo (enkelvoud) > bo-ntate- moholo (meervoud)
ntat'ao - moholo (enkelvoud) > bo-ntat'a bona - moholo (meervoud).

Met 'n naamwoord as besitter, gee hy die volgende konstruksie, nl.
ntat'ae - moholo 'a Molise

Onder die opskrif Opsionele sintaktiese elisie, gee Ziervogel (1967, p. 316) een voorbeeld. (vgl. par. 28)

Hy sê: "Hierdie verskynsel kom betreklik min voor in Suid-Sotho en word nie in die skryftaal erken nie. In die spreektaal kom vorme soos mokgô < mokgwa ôo (daardie manier) wel voor. Dit is m.a.w. verkorte vorme wat opsioneel is." (vgl. par. 57)

II. MORFEEMELISIE

Vgl. Kruger (1972, p. 22 en 23), Cole (1955, p. 100) en Ziervogel (1967, p. 315)

47. Onder morfeemelisie word verstaan die wegval van 'n morfeem uit 'n woord. Dit gebeur wanneer die woord in 'n bepaalde konteks gebruik word. Dit is geen besondere kenmerk van Sotho nie. Die volgende kom voor:

a. Elisie van die uitgangsmorfeem -na by absolute voornaamwoorde

Voorbeelde is: tša/tsa bô-(na), ens.

b. Elisie van klasprefikse (Kruger (1972, p. 23)

Hy gee slegs die volgende voorbeelde.

(le)-lapa, (le)-saka, (di)-kgomo.

Cole (1955, p. 100) gee heelwat aandag aan die elisie van klaspre= fikse in Tswana. Hy bevind dat die prefikse van klas 3 ekv. le, klas 4 ekv. se, klas 6 ekv. lo-, klas 7 ekv. bo- en klas 4 mv. di-, en die ele= ment di- in die prefikse van klasse 5 en 6, dikwels in spraak geëlisieer word.

Hy gee die volgende voorbeelde:

saka la dikgomo < lesaka la dikgomo
lêpê sa me < selepe sa me
naka lwa tholo < lonaka lwa tholo
kgomo tsa kgosi < dikgomo tsa kgosi
nala tsa tau < dinala tsa tau
tlhoko jo bogolo < botlhoko jo bogolo

Cole (1955, p. 100) sê verder : "The prefixes of other classes than these are rarely if ever elided".

48. In Suid-Sotho toon Paroz elisie aan van dieselfde klasprefikse as die wat Cole in Tswana aantoon, met die uitsondering van die lo- klas wat nie meer in Suid-Sotho bestaan nie. Hy (1946, p. 56) voeg egter 'n belangrike voorwaarde by wat Cole nagelaat het nl.: "The prefixes of nouns of cl. 3, 4, sometimes 6 sing. (se, le-, bo-,) and di- in cl. 4 and 5 plur., can be dropped when there is sufficient evidence of the class to which the

noun belongs in its adjucts." (vgl. par. 58)

Hy gee die volgende voorbeelde:

fate se seholo
kgomo tse ngata
sedi le letle

Hierdie elisie is egter nooit verpligtend nie.

Cole (1955, p. 344) vind ook elisie van klasprefikse in lokatiewe konstruksies, bv:

kwa thabeng tsele < kwa dithabeng tsele
mo fatsheng lê < mo lefatsheng lê
fa tlhareng seo < fa setlhareng seo

Hy bevind verder dat klasprefikse feitlik konstant geëlisieer word as lokatiewe gevorm word met die woorde lesaka, leisô en legano.

ke tlogetse ditlhako tsa me kwa sakeng
Tsaya dipampiri tse, o di latlhele mo isong
se ntsene mo ganong.

Hy toon verder dat die nasale prefiks van die lokatief kgonye (kgony=eng) altyd in Tswana geëlisieer word, veral as dit as idiomatiese uitdruk=king gebruik word, bv. ba ile kgonye

c. Elisie van onderwerpskakels

Vgl. Kruger (1972, p. 23) en Paroz (1946, p. 162)

49. "In die relatiefkonstruksie in S.S. kom die onderwerpskakel nie voor nie, bv.

dikgomo tse fulang, ens.

In T. en N.S. kom dit sporadies voor maar dit is geen kenmerk soos in S.S. nie.

In spraak word die onderwerpskakel van die hulpwerkwoord, -ne en -setse baie dikwels weggelaat, bv.

dikgomo (di) ne di fula, ens."

Paroz (1946, p. 162) behandel onder die opskrif Aferese, elisie van die onderwerpskakel tussen twee hulpwerkwoorde.

Hy noem die verskynsel waar 'n onderwerpskakel tussen twee hulpwerk= woorde geëlisieer kan word, aferese van die voornaamwoord:

ke ne ntse ke mo tseba < ke ne ke ntse ke mo tseba
o tla be se a utlwile < o tla be a se a utlwile

Hy sê verder dat dit moeilik is om te sê presies wanneer die aferese moontlik is en wanneer nie. Sover hy kon vasstel kom dit dikwels voor tussen hulpwerkwoorde eindigende op e, bv: -se, -ntse, -be, -ne, -ke, ens. Dit vind ook net plaas na monosillabiese hulpwerkwoorde.

d. Elisie van die infinitiefprefiks

Vgl. Kruger (1972, p. 23)

"In die geval van die toekomende tyd val die infinitiefprefiks van die werkwoordstam -dira weg, bv. re tla (go) -dira, ens. Andersins val /g/ weg en assimileer /a/ + /o/ > /ɔ/."

e. Elisie van die uitgangsmorfeem -a van werkwoorde

Vgl. Kruger (1972, p. 23)

Dit kom voor by suffigering van verskeie suffigale morfeme aan werk= woorde. Die -a uitgang word deur eg. vervang, bv.

dira > dire, modiri, -dirile.

Bogenoemde standpunt word egter nie meer deur Kruger gehuldig nie. Die uitgangsmorfeem van die werkwoord is deur 'n ander uitgangsmorfeem vervang en word derhalwe as vervanging beskou.

III. WOORDELISIE

Vgl. Kruger (1972, p. 23)en Paroz (1946, p. 161)

49. In die relatief- en possessief konstruksies gebeur dit dat die re= latief en possessiefskakels soms wegval, veral by samekoppeling en same= stellings waar die elisie verpligtend is.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

Monna - mogolo en monna yo mogolo
tau tona en tau ye tona
mosela - phala en mosela wa phala
ka letsatsi (le) le latelang
dikgomo (tse) re di bonang

Vergelyk ook die elisie by die volgende verwantskapsterme:

Tatemoholo/tatemogolo/rremogolo
maloma'gwe, kgaitsadiagwe, mogatsaka, ens.

Die woordsoort wat geëlisieer word, hang af van die tipe struktuur wat onderliggend aan komposita is.

Paroz (1946, p. 161) wys op die elisie van die adjektiewe konstruk= sies wat soms in Suid-Sotho plaasvind, asook in 'n groot aantal idiome en spreekwoorde. Hy gee die volgende voorbeelde:

monna - moholo
ntswe - leng
ntja - pedi

2.1.3 KRITIESE BESPREKING

50. Wanneer enige onderwerp bestudeer word, soek die student na 'n altans voorlopige definisie of omskrywing wat die studieveld of gebied van die onderwerp so duidelik en volledig as moontlik omlyn. So is dit ook met hierdie onderwerp. Met die uitsondering van die definisie van Kruger, is daar geen ander skrywer wat 'n bydrae gemaak het d.m.v. 'n definisie om elisie af te grens nie.(vgl. par. 31)

51. Die ander definisies van elisie (Vgl. par. 22) is vaag en onvolledig.

Met die uitsondering van Kruger, verwys al die skrywers wat gepoog het om 'n definisie te formuleer, na die elisie van 'n klank. Nêrens is die term klank deur een van die skrywers omlyn nie. Hieruit word dus afgelei dat die skrywers met die term klank foneme bedoel. Tog is daar in al die werke aanduidings dat die skrywers ook elisie van verskillende ander fatiese elemente soos morfeme en woorde waargeneem het.

Indien elisie dus beskou word vanuit die oogpunt van die skrywers se definisies en wat daaronder ingesluit word, moet tot die gevolgtrekking gekom word dat die vlag nie die lading dek nie: die verlies van morfeme en woorde uit woorde en konstruksies, sou dus nie beskou kan word as elemente wat geëlisieer word nie. Tog dui al die skrywers elisie van ten minste die prefigale morfeme van sekere naamwoordklasse aan. Wanneer die voorbeelde van elisie in die werke wat in hierdie hoofstuk aangehaal is, bestudeer word, word dit duidelik dat geen van die skrywers daadwerklik 'n diepgaande studie van die onderwerp gemaak het nie.

Die algemene indruk wat geskep word, is dat elke skrywer slegs die voorbeelde aangedui het wat toevallig opgemerk is. Die taalkundiges wie se werke bespreek is, het hoofsaaklik aandag gegee aan elisie van die volgende struktuurelemente.

A. FONEEMELISIE

52. Die klem val veral op vokaalelisie, en die voorbeelde wat deur die skrywers gegee word, is baie min en gee geen algemene indruk van die verskynsel in die taal nie.

Geen skrywer het foneemelisie behoorlik georden in terme van die omstandighede waar dit plaasvind nie. Voorbeelde is lukraak gegee en geen onderskeid word bv. gemaak tussen:

a. onafhanklike elisie;
b. elisie wat gepaard gaan met morfologiese prosesse;
c. elisie wat saam met ander fonologiese prosesse plaasvind, maar wat deur morfologiese prosesse te weeg gebring word nie.

53. Die omgewing waar elisie voorkom word deur almal genoem, maar geen rede word verstrek waarom elisie in die bepaalde omgewing voorkom en nie in 'n ander omgewing nie. Die terme sinkopee, apokopee en aferese word vir die doeleindes van hierdie studie as irelevant beskou, omdat 'n onderverdeling van die term elisie in Sotho geen doel dien nie. (vgl. par. 13)

Sommige skrywers, te wete Doke (1957, p. 33) en van Eeden (1941, p. 13), noem byvoorbeeld dat l, m, n, ng, ny en r sillabies word in omgewings waar 'n vokaal tussen hierdie eenderse vokale geëlisieër word.

Dit is geen aanvaarbare gevolgtrekking wat gemaak word nie, aangesien alle sonore konsonante sillabiese eienskappe besit. Hierdie eienskappe is latent aanwesig in hierdie foneme en elisie vind juis in hierdie omgewings plaas waar die konsonant die eienskap besit om die sillabe te dra.

54. Slegs Endemann (vgl. par. 29) het elisie binne die raamwerk van die sillabe geplaas. Die res van die skrywers het slegs die elemente wat geëlisieër is aangetoon maar na geen raamwerk verwys nie.

55. Die verskynsel van foneemelisie in 'n woord binne die konteks van 'n woordgroep is deur al die skrywers met die uitsondering van Paroz en in

'n mindere mate Kruger en Ziervogel slegs met een of twee voorbeelde toe=gelig. (Vgl. par. 42 - 46)

56. In sommige gevalle is dit selfs ook glad nie duidelik presies watter elemente geëlisieer is nie. Ook hier het skrywer nie gepoog om 'n reël of reëls vir elisie op te stel nie. Paroz het wel gevalle aangedui waar bv. die eindvokaal van 'n woord wegval (vgl. par. 46) en bv. die semi-vokaal /w/ van die possessiewe skakel wa, maar het nie probeer aantoon waarom dit in sommige gevalle gebeur en in ander gevalle nie. Paroz gee soms verkorte vorme van sekere volvorms wat moeilik met mekaar versoenbaar is. (vgl. par. 45)

57. Ziervogel (vgl. par. 46) beweer dat elisie van foneme binne 'n woord=groep betreklik min voorkom en dat dit nie in die skryftaal erken word nie.

Dit is wel waar dat die meeste vorme van elisie (in spraak) nie in die skrif erken of gerealiseer word nie, maar dat dit dikwels, hoewel fa=kultatief, voorkom in spraak, sal aangetoon word in die volgende hoofstuk=ke.

B. MORFEEMELISIE

Hoewel daar, in al die werke wat geraadpleeg is, voorbeelde voorkom waar die prefigale (kategoriale) morfeem van sekere naamwoorde en woord=groepe geëlisieer word, het die skrywers, met die uitsondering van Paroz, Cole en Kruger, nie hierdie belangrike verskynsel onder elisie behandel nie.

58. Paroz (vgl. par. 48) is die enigste skrywer wat dié voorwaarde stel dat kategoriale morfeme van naamwoorde meesal slegs geëlisieer word mits daar voldoende aanduiding in die res van die woordgroep is om aan te toon tot watter klas die betrokke naamwoord behoort.

Hierdie punt van kritiek geld ook al die ander gevalle waar morfeem=elisie binne die konteks van die woordgroep plaasvind.

C. WOORDELISIE

59. Oor hierdie aspek van elisie het slegs Kruger en Paroz (vgl. par. 49) hulle uitgelaat.

Oor die voorbeeld "modula - setulo > modula wa setulo" stem Kruger saam met skrywer dat hier nie elisie plaasgevind het nie.

Hierdie tipe komposita is waarskynlik gevorm vanuit oorspronklike onderliggende infinitiewe groepe soos go - dula setulo > modula setulo, waar, o.a. dus slegs vervanging plaasgevind het: een morfeem is deur 'n ander morfeem vervang, d.w.s. die plek is gevul.

60. Ook die voorbeelde maloma'gwe, kgaitsediagwe en mogatsaka sal deur skrywer onder foneemelisie bespreek word. (vgl. par. 117.)

Opsommend kan dus gestel word dat die verskynsel van elisie nog nie na behore of bevredigend nagevors is nie. Dit kan soos volg saamgevat word:

i. Nie alle elemente wat geëlisieer kan word soos foneme morfeme en woorde is duidelik aangedui nie;
ii. die raamwerk waarbinne elisie plaasvind, is nie aangedui nie;
iii. die omgewing waar elisie plaasvind is nie grondig nagevors nie;
iv. geen samevattende reëls vir elisie is opgestel nie;
v. elisie in die konteks van verdubbeling en komposita is grootliks buite rekening gelaat.

In die res van hierdie hoofstuk sal gepoog word om die begrip elisie in die lig van die hierbogenoemde kritiek te omlyn deur aan te dui:

a. watter elemente geëlisieer kan word;
b. die raamwerk waarbinne elisie plaasvind;
c. die kontekste waarin die verskillende vorme van elisie voorkom.

2.2.0 ELEMENTE EN RAAMWERKE VAN ELISIE

A. ELEMENTE WAT GEËLISIEER KAN WORD

a. Foneme of Foneemreekse

61. 'n Foneem of 'n Foneemreeks kan uit 'n taaluiting geëlisieer word. Die elisie van 'n vokaalfoneem kom baie algemeen voor, terwyl elisie van 'n konsonantfoneem minder algemeen voorkom.

Elisie van 'n foneemreeks in sover die foneemreeks nie 'n morfeem realiseer nie kom ook in verskillende taaluitinge voor. Hierdie ver= skynsel noem ons foneemelisie.

b. Morfeme

62. Elisie van morfeme kom dikwels in Suid-Sotho voor. Hiervoor sal ons die term morfeemelisie gebruik.

Ons kan hier onderskei tussen elisie van prefigale morfeme en eli= sie van suffigale morfeme. Sover vasgestel kan word vind elisie van wortel-en stammorfeme nooit plaas nie.

c. Woorde

63. Elisie van woorde in bepaalde taaluitings word ook in Suid-Sotho on= derskei. Hierdie verskynsel sal voortaan woordelisie genoem word.

B. DIE RAAMWERKE WAARBINNE ELISIE PLAASVIND

Noudat die elemente wat geëlisieer kan word, vasgestel is, moet die raamwerk waarin elk van die elemente geëlisëer kan word, vasgestel word.

a. Die sillabe as raamwerk van foneemelisie

64. Wanneer elisie van foneme ondersoek word, met inagneming van die om= gewings waarin dit voorkom, sal gevind word dat die raamwerk van die fo= neem die sillabe is.

Hiermee word bedoel dat die elisie van die foneem nooit oor die sil= labegrense plaasvind nie, maar slegs binne die raamwerk van die sillabe. Dit geld vir die konteks van die woord, die kompositum, die verdubbeling sowel as die woordgroep.

Die rede hiervoor is waarskynlik dat alle fonologiese prosesse ge= woonlik net tussen sillabegrense funksioneer waar sekere foneemreekse tot stand kom a.g.v. affigering.

Die morfeem en die woord is nie geskik as raamwerk nie, omdat hulle een of meersillabig is en daarom die omgewing waar die fonologiese pro= ses plaasvind nie so pertinent afgrens soos die sillabe nie.

b. Die sillabe as raamwerk van morfeemelisie

65. Die raamwerk waarbinne elisie van die morfeem plaasvind, is die sil= labe. Hier dien egter op gelet te word dat wanneer daar elisie van 'n mor= feem plaasvind, die geëlisiëerde morfeem gelyk is aan die sillabe en dat 'n morfeem wat 'n sillabe insluit nooit as geheel geëlisiëer word nie.

Morfeme word dus slegs geëlisiëer vir sover die morfeem- en sillabe= grense identies is en daarom moet die sillabe dien as raamwerk van mor= feemelisie.

Hieronder moet elisie van die morfeem in die woordgroep ingesluit word. In 'n groep kan 'n morfeem geëlisiëer word onder die voorwaarde dat hy sillabies is.

c. Die sillabe as raamwerk van woordelisie

Die raamwerk van woordelisie is ook die sillabe. 'n Woord kan ge= ëlisiëer word in 'n groep. Ook hier geld die voorwaarde dat die woord wat geëlisiëer word 'n monosillabiese woord moet wees.

2.2.1 ELISIE BY DIE REALISERING VAN ANDER FONOLOGIESE PROSESSE

Elisie is 'n fonologiese proses waaraan Bantoetaalkundiges in die verlede nie eksplisiet aandag gegee het nie, o.a. omdat die studie van die verskillende assimilasie prosesse die fonologiese toneel oorheers het - nieteenstaande die feit dat elisie dikwels 'n konkomitante proses is.

In hierdie studie sal daar, o.a. gepoog word om aan te toon waar eli= sie 'n belangrike voorwaarde vorm by die realisering van sulke prosesse.

A. ONAFHANKLIKE ELISIE

66. Elisie kan ook onafhanklik plaasvind, d.w.s. sonder druk van ander fonologiese prosesse. Hierdie proses sal ons dus aandui met die term selfstandige elisie, bv.

lela > lla 'huil'

B. ELISIE GEPAARD MET ANDER FONOLOGIESE PROSESSE

67. Vervolgens kan elisie gepaard gaan met ander fonologiese prosesse. Dit gebeur wanneer daar,as gevolg van onbestaanbare foneemreekse in 'n taal= uiting, fonologiese prosesse in werking tree, waarvan elisie die aanlei= dende oorsaak is. Ons kan dit gedwonge elisie noem, bv.

m(o)butla > mmutla 'haas'

Hierdie fonologiese prosesse word gewoonlik veroorsaak deur 'n mor= fologiese proses. In die affigeringsproses bv. kom daar dikwels onbe=

staanbare foneemreekse tot stand, wat tot gevolg het dat een of meer fonologiese prosesse in werking kan tree. Dit impliseer dus 'n fonologiese aanpassing na 'n morfologiese proses.

2.2.2 ELISIE BY DIE REALISERING VAN MORFOLOGIESE PROSESSE

68. Die term elisie kan baie wyd geïnterpreteer word. Op die keper beskou beteken dit die weglating of eliminering van 'n element onder bepaalde omstandighede.

As die term vervanging ook hieronder geklassifiseer word, moet ons aanvaar dat daar eers 'n element weggelaat moet word voordat hy vervang kan word.

As al die prosesse, te wete weglating, reduksie en vervanging as een of ander vorm van elisie beskou word, is dit duidelik dat die term oorbelas word en daardeur ook verwarring kan ontstaan. Die terme vertoon egter ook onderlinge verband in soverre daar van weglating en/of byvoeging sprake is.

Vir die doel van hierdie studie is dit nodig om bogenoemde terme duidelik te omlyn en van mekaar te onderskei.

A. REDUKSIE

Met die term reduksie word hier die redusering of weglating van 'n element bedoel, met doelbewuste woordboulike implikasies. Dit is die weglaat van 'n morfeem uit 'n woord of woordgroep wat betekenisverandering tot gevolg het. Vgl. die volgende vbe.

Die oorspronklike prefiks van alle werkwoorde is ho-. Wanneer enige werkwoord dus gebruik word in sy imperatiewe vorm, het daar reduksie van die infinitiewe prefiks plaasgevind, bv.

ho - sebetsa 'om te werk' > sebetsa! 'werk'

69. As die lokatiewe naamwoord lesakeng gereduseer word na die oorspronklike naamwoord lesaka, is nie net die fonologiese vorm nie, maar ook die grammatikale waarde van die morfeem -(i)ng weggelaat. Dit het ook direkte betekenisverandering tot gevolg. Wanneer 'n morfeem weggelaat word sonder dat daar betekenisverandering plaasvind, word hierdie weglating as elisie beskou. (vgl. par. 72)

B. VERVANGING

70. Vervanging impliseer die elisie van 'n element voordat 'n ander element die plek daarvan kan inneem.

Hierdie proses is baie wyd oor die taal versprei en sluit eintlik weglating (elisie) of reduksie in. Dit is 'n proses van weglating en byvoeging, dus reduksie en vervanging.

By naamwoordklasse moet die enkelvoudsprefiks van 'n woord eers gereduseer of weggelaat word, en dan deur die meervoudsprefiks vervang word om die meervoud van die woord aan te dui, bv.

motho > (mo) - tho > -tho > batho

Wanneer die teenwoordige tydsvorm van die werkwoordstam - roma van die perfektumsuffiks -il- voorsien word, word die uitgangs -a weggelaat en vervang met -il-e bv. roma > romile.

Opsommend kan gestel word dat die weglating van 'n element met suiwer fonologiese implikasies met die term elisie aangedui word, terwyl weglating met morfologiese implikasies (woordboulike implikasies) met die terme reduksie en vervanging aangedui word.

In hierdie studie gaan daar voortaan net aandag geskenk word aan elisie as fonologiese proses.

2.3.0 INDELING VAN ELISIE

71. Onder die term elisie word 'n suiwer fonologiese proses verstaan waarby slegs die fonologiese vorm van die element wat weggelaat word, betrek word. Die grammatikale waarde van die element kom hier nie in gedrang nie.

Wanneer die le- van lesaka in sakeng weggelaat word, word die morfeemstatus van die morfeem le- nie betrek nie, maar slegs die fonologiese vorm daarvan. Dit is dus 'n suiwer fonologiese aangeleentheid en nie 'n morfologiese nie.

Elisie dus, word hier beskou as blote weglating van 'n element sonder (doelbewuste) woordboulike implikasies.

2.3.1 DEFINISIE VAN ELISIE

72. Elisie is die fonologiese proses waarby 'n element of reeks elemente uit 'n taaluiting weggelaat word (sonder dat die plek daarvan deur 'n ander element of reeks elemente gevul word) en sonder dat die betekenis daarvan verander. (Vgl. par. 69)

2.3.2 REALISERING VAN ELISIE IN SKRIF

73. Die meeste vorme van foneemelisie binne die konteks van die woord word as historiese elisie beskou omdat die woorde in hierdie vorm meestal permanent so gebesig word, en ook so in die skrif gerealiseer word. (Vgl. Hoofstuk 3 par. 79 - 93)

Hoewel foneemelisie in die woordgroep en morfeemelisie in die woord en woordgroep en woordelisie in die woordgroep en sin, normaalweg nie deur die Bantoetaal-komitee van die dept. B.O. in die ortografie erken word nie, kom hierdie verskynsel tog dikwels in die literatuur van Suid-Sotho voor.

Die rede hiervoor is waarskynlik dat die ortografiese vorm van die taaluiting in die Bantoetale nie so gebonde is aan 'n historiese vorm

soos bv. Afrikaans, Engels en Nederlands nie.

Die Bantoeskrywer veroorloof hom makliker die reg om die ortogra= fiese vorm van die taaluiting in ooreenstemming te bring met die klank= vorm wat in die alledaagse spraak gehoor word.

Om bogenoemde rede, word daar in hierdie studie aandag gegee aan die elisieverskynsel in Suid-Sotho soos dit in die algemene taalgebruik voorkom en daar word nie onderskei tussen elisie wat deur die Bantoe= taal-komitee erken word, en die wat nie erken word nie.

74. Sommige vorme van elisie kom konstant voor (veral in woorde) en is 'n algemene verskynsel in die ortografie van die besondere taal. Sulke vorme is ook in Suid-Sotho aangetref. (Vgl. hoofstuk 3 par. 79 - 84)

75. In die diachroniese morfologiese struktuur van die taal is daar ook fonologiese aanpassings genoodsaak wat hedendaags as 'n volvorm in sowel die taal, as die skrif aanvaar word. (Vgl. hoofstuk 3 par. 85 - 115)

78. Dan is daar nog vorme van elisie wat redelik konstant in die spraak voorkom en slegs fakultatief in die ortografiese beeld gerealiseer word. (Vgl. par. 116 - 147)

HOOFSTUK 3

3.1.0 FONEEMELISIE

3.1.1 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORD

In hierdie afdeling moet aandag gegee word aan:

A. selfstandige foneemelisie;
B. foneemelisie tydens morfologiese prosesse;
C. foneemelisie tydens fonologiese prosesse.

A. SELFSTANDIGE FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORD

79. Selfstandige foneemelisie kom voor, binne die raamwerk van die sillabe, in sekere omgewings binne die konteks van die woord.

Omgewings waar hierdie vorm van elisie voorkom is:

a. elisie van 'n vokaalfoneem uit 'n sillabe in die omgewing van die duurkonsonante /m/, /l/, /n/ en /r/.

b. elisie van 'n vokaalfoneem uit die sillabe in die omgewing van ander vokaalfoneme binne die konteks van die woord.

c. elisie van konsonantfoneme uit 'n sillabe in die omgewing van sekere vokaalfoneme binne die konteks van die woord.

a. Elisie van 'n vokaalfoneem uit 'n sillabe in die omgewing van die duurkonsonante

80. Wanneer twee opeenvolgende sillabes albei met dieselfde sonore konsonant, bv. /l/, /m/, /n/, /r/ begin, vind daar gewoonlik elisie van die vokaalfoneem, wat deur hulle omsluit word, plaas. Vgl. die volgende gevalle:

i. <u>Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /l/ begin</u>

In die selfstandige naamwoord /molelɔ/ het elisie van die foneem /e/ plaasgevind bv.

/mol[e]lɔ/ 'vuur'

Vergelyk in hierdie verband Tswana waar <u>molelɔ</u> nog fakultatief voorkom.

In die adjektiefstam /t'ɛlɛlɛ/ bv.

/t'ɛl[e]lɛ/ > /t'ɛllɛ/ 'lank'.

In die werkwoordstam /-lela/ bv.

[1] /-l[e]la/ : /-lla/ 'huil'. (Vgl. par. 89)

ii. <u>Elisie van die vokaalfoneem /a/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /m/ begin</u>

In die selfstandige naamwoord <u>mama</u> bv.

/m[a]ma/ > /mma/ 'moeder'

/ bɔm[a]ma/ > /bɔmma/ 'moeder-hulle'

iii. <u>Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /n/ begin</u>

In die selfstandige naamwoord <u>monona</u> bv.

/mon[o]na/ > /monna/ 'man'

/ban[o]na/ > /banna/ 'mans'

iv. Elisie van die vokaalfoneem /a/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe en die daaropvolgende een met /r/ begin

In die selfstandige naamwoord rarɛ bv.

/r(a)rɛ/ > /rrɛ/ 'vader'

/rarɛ/ kom teenoor /rrɛ/ fakultatief in Suid-Sotho voor.

b. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit 'n sillabe, wanneer die betrokke sillabe, 'n sillabe wat slegs uit die vokaalfoneem /e/ of /i/ bestaan, voorafgaan

/mo(e)ŋ/ > /moŋ/ 'eienaar'
/mo(e)ŋhadi/ > /moŋhadi/ 'meneer'
/ma(i)ɬɔ/ > /maɬɔ/ 'oë'

In die meervoudsvorm van /moŋ/ -/beŋ/ en van /moŋhadi/ -beŋhadi/ het vokaalassimilasie plaasgevind. Vgl. ook Doke (1957, p. 60).

In bogenoemde gevalle konstitueer die foneem wat geëlisieër word terselfdertyd 'n sillabe. In die lig van die reëls van vokaalsamesmelting is dit onverklaarbaar waarom daar elisie van die /i/ in maɬɔ plaasgevind het. Vergelyk in hierdie verband /mainɔ/ > /mɛnɔ/, waar vokaalsamesmelting tussen die /a/ en /i/ plaasgevind het. (vgl. par. 154).

c. Elisie van konsonantfoneme uit 'n sillabe

81. Dit kom slegs in enkele gevalle in Suid-Sotho voor. Hier volg 'n paar voorbeelde.

/phɔ(l)ɔfɔlɔ/ > /phɔɔfɔlɔ/ 'wildsbok'
/phɔlɔfɔlɔ/ kom teenoor /phɔɔfɔlɔ/ fakultatief in Suid-Sotho voor.

/p'ɔ(ɦ)ɔ/ > /p'ɔɔ/ 'bul'

/phi(l)ɔ/ > /phiɔ/ 'nier'

/phaɬo(ɦ)ɛts'a/ > phaɬoɛts'a/ 'om te sien'

/le(ts')eba/ > /leeba/ 'duif'

Doke (1957, p. 67) gee ook 'n voorbeeld /meutl'a/ 'hase' teenoor /mebutl'a/.

Elisie van (ɦ) tussen twee vokaalfoneme kom dikwels in Suid-Sotho voor. Vgl. die volgende voorbeelde:

/mots'e(ɦ)are/ > /mots'eare/ 'middag'

/bose(ɦ)o/ > boseo/ 'nag'

/utl'w(aɦ)ala/ > /utl'wala/ 'hoorbaar wees'
(Vgl. par. 165)

d. Elisie van Oerbantoe konsonantfoneem /ɣ/ uit oorspronklike werkwoordstamme

82. Cole, (1955, p. 189) sê: "Vowel verb stems can mostly be presumed to have had an initial consonant originally, but this has disappeared in the course of the historical development of the language and today occurs only sometimes in the form of a glottal explosive".

Hy gee verder ook die volgende voorbeelde wat ook van toepassing is op Suid-Sotho.

Oerbantoe	Suid-Sotho	
/-ɣîla/	/-ila/	'haat'
/-ɣîna/	/-ina/	'in dompel'
/-ɣɛnda/	/-ɛt'a/	'reis'
/-ɣɛla/	/-ɛla/	'gaan na toe'
/-ɣaka/	/-aha/	'bou'
/-ɣota/	/-ora/	'jouself verwarm' by vuur'
/-iɣûa/	/-utl'wa/	'hoor'

Al die tot dusver bespreekte voorbeelde (3. 1.1 e.v.) van elisie, blyk die enigste gevalle te wees, waar dit binne die woordvorm as sodanig plaasvind.

In die res van die studie kom foneemelisie slegs voor in woordvormge= deeltes wat affigale morfeme konstitueer, of as gevolg van affigering in woordvormgedeeltes. Sulke gevalle kom dus nog steeds in die woordvorm as die konteks, en die sillabe as die raamwerk voor. Dit kan uiteraard ook slegs plaasvind tydens woordbouprosesse (morfologiese prosesse).

Daar sal gerieflikheidshalwe onderskei word tussen; a) elisie as enkele fonologiese proses en b) elisie as fonologiese proses konkomitant met ander fonologiese prosesse. Dit kom dan eintlik daarop neer dat onder= skei word tussen verskillende fonologiese omgewings wat nodig is vir die opstel van elisiereëls.

B. FONEEMELISIE AS ENKELE FONOLOGIESE PROSES TYDENS MORFOLOGIESE PROSESSE

a. Elisie van die nasaalkonsonantfoneme tydens die vorming van skakels

83. Die klasprefikse van die verskillende naamwoordklasse is die genereren= de faktor by die vorming van skakels en voornaamwoorde. Die kongruensiemor=

feem in lg., word nl. van die prefikse afgelei met weglating van die na= saalfoneme. (vgl. par. 162)

Th. Endemann (1964, p. 8, 9) gee duidelike voorbeelde van die morfo logiese prosesse en daarmee gepaardgaande fonologiese prosesse by die vor= ming van die skakels en voornaamwoorde van bepaalde klasse in Noord-Sotho. Hierdie prosesse is deurgaans ook van toepassing op Suid-Sotho, soos die volgende voorbeelde aantoon:

i. Die kategoriale morfeem

Daar is vormlike ooreenkoms en verskil tussen die klasprefikse en die kategoriale morfeem. Die vormlike verskil word deur elisie van die nasaal= foneem uit die prefikse te weeg gebring, bv.

klas 1 ekv. mo-:	kategoriale morfeem o
klas 2 ekv. mo-:	kategoriale morfeem o
klas 2 mv. me-:	kategoriale morfeem e
klas 3 mv. ma-:	kategoriale morfeem a
klas 4 ekv. (ne-)	kategoriale morfeem e
klas 6 mv. ma-:	kategoriale morfeem a

ii. Die onderwerpskakel

Die onderwerpskakel kom in alle opsigte ooreen met die kategoriale morfeem.

iii. Die voorwerpskakel

Die voorwerpskakel word deur dieselfde elisieproses as die onderwerp= skakel afgelei, behalwe dat die nasaalkonsonant in die voorwerpskakel van klas 1 enkelvoud mo- behou is, en die skakel dus die vorm mo het.

b. Elisie van vokaalfoneme tydens die vorming van skakels en voornaamwoorde

i. Die absolute voornaamwoord

84. By die vorming van die absolute voornaamwoorde van die verskillende naamwoordklasse, word die kategoriale morfeem as basiese element gebruik, gevolg deur 'n /-e-/ in die geval van die eerste, tweede en derde persoon enkelvoud.

By al die ander naamwoordklasse word die kategoriale morfeem gevolg deur 'n /-o-/. Al die voornaamwoorde gaan uit op -na.

Hierdie morfologiese proses veroorsaak dat daar by die vorming van absolute voornaamwoorde, een van drie fonologiese prosesse onafhanklik van mekaar plaasvind, nl. semivokalisering, vokaalsamesmelting, of elisie van die vokaalfoneem in die kategoriale morfeem.

Slegs die voorbeelde waarin elisie plaasgevind het word aangedui.

1ste pers. ekv.	:	/n(i)-(e)na/ > /nna/
klas 1 mv.	:	/b(a)-ona/ > /bona/
klas 3 ekv.	:	/l(e)-ona/ > /lona/
klas 3 mv.	:	/(a)-ona/ > /ona/
klas 4 ekv.	:	/s(e)-ona/ > /sona/
klas 6 ekv.	:	/b(o)-ona/ > /bona/
klas 6 mv.	:	/(a)-ona/ > /ona/

ii. Die possessiewe voornaamwoord

Dieselfde reëls as in (i) hierbo geld by die vorming van die possessiewe voornaamwoord.

iii. Die demonstratief

By die vorming van die derde afstand van die demonstratief het elisie ook plaasgevind tydens die morfologiese vorming daarvan in sommige klasse, bv.

Klas 1	mv.	:	/b(a) + anɛ/ > /banɛ/
klas 3	ekv.	:	/l(e) + anɛ/ > /lanɛ/
klas 3	mv.	:	/(a) + anɛ/ > /anɛ/
klas 4	ekv.	:	/s(e) + anɛ/ > /sanɛ/
klas 6	ekv.	:	/b(ɔ) + anɛ/ > /banɛ/
klas 6	mv.	:	/(a) + anɛ/ > /anɛ/
klas 7		:	/ɲ(o) anɛ/ > /ɲanɛ/

iv. Die kwantitatiewe voornaamwoord

Tydens die morfologiese proses waardeur die kwantitatiewe voornaamwoord gevorm is, het daar ook elisie van die vokaalfoneem in die kategoriale morfeem van sommige klasse plaasgevind, bv.

eerste pers.	mv.	:	/r(e) + ɔɬɛ/ > /rɔɬɛ/
tweede pers.	mv.	:	/l(e) + ɔɬɛ/ > /lɔɬɛ/
klas 1	mv.	:	/b(a) + ɔɬɛ/ > /lɔɬɛ/
klas 3	ekv.	:	/l(e) + ɔɬɛ/ > /lɔɬɛ/
klas 4	ekv.	:	/s(e) + ɔɬɛ/ > /sɔɬɛ/
klas 7		:	/ɲ(o) + ɔɬɛ/ > /ɲɔɬɛ/

v. Die possessiewe betrekkingswoord

By die morfologiese vorming van die possessiewe betrekkingswoord van sommige naamwoordklasse, het elisie van die vokaalfoneem van die kategoriale morfeem ingetree, bv.

klas 1	mv.	:	/b(a) + a/ > /ba/
klas 3	ekv.	:	/l(e) + a/ > /la/
klas 3 en 6	mv.	:	/(a) + a/ > /a/
klas 4	ekv.	:	/s(e) + a/ > /sa/
klas 6	ekv.	:	/b(ɔ) + a/ > /ba/
klas 7	-	:	/ɲ(o) + a/ > /ɲa/

vi. Die konsekutiefskakel

By die vorming van die konsekutiefskakel geld al bg. reëls in (v), asook, dat by die vorming van die skakels van die eerste persoon enkelvoud en meervoud, en die tweede persoon meervoud, ook elisie van die vokaalfoneem in die kategoriale morfeem plaasvind, bv.

eerste pers. ekv. : /k'(e)+a/ > /k'a/
eerste pers. mv. : /r(e)+a/ > /ra/
tweede pers. mv. : /l(e)+a/ > /la/

c. Elisie van vokaalfoneme uit prefigale morfeme

85. Elisie van die vokaalfoneem van die prefigale morfeme van klas 1, 2 en 5 ekv., en in uitsonderlike gevalle, van die van klas 2 meervoud, vind plaas wanneer die prefigale morfeme aan stamme wat met nasale begin, ge= prefigeer word.

Daar is ook enkele gevalle waar elisie plaasvind wanneer die enkel= voudsprefiks van klas 2 mo- aan stamme geprefigeer word wat met /o/ begin.

i. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks van klas 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met /m/ begin

Enkele naamwoorde in klas 2, waarvan die stam met /m/ begin, veroor= saak elisie van die vokaal in die prefiks, bv.

/m(o)- manana/ > /mmanana/ 'onherbergsame plek'
/m(o)- mane/ > /mmane/ 'weerligstraal'
/m(o)- masa/ > /mmasa/ 'kleursel'

ii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die klasprefiks van klas 2 mv. me-, by die prefigering daarvan aan naamwoord= stamme wat met /m/ begin

86. Wanneer die meervoudsprefiks van klas 2 aan stamme gevoeg word wat met /m/ begin, gebeur dit dikwels dat die vokaalfoneem van die prefiks geëlisieer word. (Vgl. Doke (1957, p. 67)

/mo-mɛts'a/ of /me-mɛts'a/ > /mmɛts'ɔ/ 'keel of kele'
/mo-mena/ of /me-mena/ > /mmenɔ/ 'soom of some' ens.

iii. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die vorming van deverbatiewe met werkwoordstamme wat met /m/ begin

Wanneer deverbatiewe in klas 1 en 2 ekv. gevorm word met werkwoorde waarvan die stam met /m/ begin, vind elisie van die vokaalfoneem in die prefiks plaas, bv.

/-mamɛla/	>	/m(o)-mamɛdi/	>	mmamɛdi/	'luisteraar'
/-mak'ala/	>	/m(o)-mak'adi/	>	/mmak'adi/	'een wat wonder (twyfelaar)'
/-mɛma/	>	/m(o)-mɛmi/	>	/mmɛmi/	'n saamroeper'
/-matha/	>	/m(o)-mathɔ/	>	/mmathɔ/	'manier van hardloop'
/-mena/	>	/m(o)-menɔ/	>	/mmenɔ/	'soom'
/-mɛts'a/	>	/m(o)-mɛts'a/	>	/mmɛts'ɔ/	'keel'

iv. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die vorming van leenwoorde waarvan die stam met /m/ begin

Leenwoorde uit Afrikaans en Engels wat met /m/ begin, word gewoonlik morfologies aangepas by die struktuur van Suid-Sotho. As gevolg van hulle oorspronklike morfologiese struktuur, leen hulle hulle daartoe om in klas 1 en 2 opgeneem te word.

Afgesien van die morfologiese aanpassing in die stam van hierdie woorde word hulle ook van 'n prefiks voorsien om in die klassesisteem van Suid-Sotho aan te pas bv.

/m(o)-mat'e/	>	/mmat'e/	'maat, vriend'
/m(o)-map'a	>	/mmap'a/	'landkaart'
/m(o)-marak'a/	>	/mmarak'a/	'mark'
/m(o)-mese/	>	/mmese/	'mus'
/m(o)-mɛsɛ/	>	/mmɛsɛ/	'mes'
/m(o)-miri/	>	/mmiri/	'muur'

/m(o)-misit'ɛrɛsɛ/ > /mmisit'ɛrɛsɛ/ 'skooljuffrou'
/m(o)-miʃɔne/ > /mmiʃɔne/ 'sending'
/m(o)-mit'i/ > /mmit'i/ 'mied'

v. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefiks van klas 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met die vokaalfoneme /o/ of /ɔ/ begin

87. Elisie van die vokaal /o/ uit mo-, vind plaas voor stamme wat met /o/ of /ɔ/ begin. Vgl. Doke (1957, p. 67)

/m(o) + oja/ > /moja/ 'wind'
/m(o) + ɔk'ɔ/ > /mɔk'ɔ/ 'murg'

vi. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die prefiks van die eerste pers. ekv. ni-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme wat met /n/ begin

Wanneer die prefigale morfeem van die eerste persoon enkelvoud ni-, geprefigeer word aan werkwoorde wat met die nasaal /n-/ begin, vind daar elisie van die /i/ uit ni- plaas. Vgl. Meinhof (1932, p. 69)

/ni-nwesɛ/ > /nnwesɛ/ 'laat my drink'

vii. Elisie van die gesemivokaliseerde /j/ van die voortgaande ja uit die werkwoordprefiks

In Suid-Sotho, net soos in die ander twee Sothotale, het die gesemivokaliseerde /j/ van die voortgaande ja geëlisieer. Vergelyk in hierdie verband Zoeloe waar die ja nog in sy oorspronklike vorm gerealiseer word nl.,

/umfana ujadla/ teenoor Sotho
/Monna o-(j)a-d3a/ > /Monna o-a-d3a/ 'die man eet'

d. Elisie van n vokaalfoneem uit suffigale morfeme

Die volgende gevalle van elisie kom voor wanneer suffigale morfeme aan sekere stamme gesuffigeer word.

i. Elisie van die vokaalfoneem /ɛ/ uit die applikatiewe agtervoegsel -ɛl-, na suffigering daarvan aan werkwoorde waarvan die wortel op /l/ eindig

88. By die suffigering van die applikatiewe agtervoegsel -ɛl- aan werkwoordstamme eindigende op /l/, vind daar elisie van die vokaalfoneem van die -ɛl- plaas, wanneer die volgende vokale in die werkwoordwortel aanwesig is, nl. /a/, /ɔ/ en /e/.

/-ŋɔla/ > /-ŋɔl(ɛ)la/ > /-ŋɔlla/ 'skryf vir'
/-ala/ > /-al(ɛ)la/ > /-alla/ 'bed opmaak vir'
/-rwala/ > /-rwal(ɛ)la/ > /-rwalla/ 'dra vir'
/-sɛla/ > /-sɛl(ɛ)la/ > /-sɛlla/ 'optel vir'
/-mak'ala/ > /-mak'al(ɛ)la/ > /-mak'alla/ 'verbaas wees vir'

/-sala/ > /sal(ɛ)la/ > /-salla/ 'bly vir'
/-bala/ > /-bal(ɛ)la > /-balla/ 'lees vir'
/-fɛla/ > /-fɛl(ɛ)la/ > /-fɛlla/ 'eindig vir'
/-lala/ > /-lal(ɛ)la/ > /-lalla/ 'aandete eet'
/-ɔla/ > /-ɔl(ɛ)la/ > /-ɔlla/
/-ɔlɛla/ teenoor /-ɔlla/ kom fakultatief voor in Suid-Sotho.

Daar word egter uitsonderings in Suid-Sotho aangetref. Vgl. ook Doke (1957, p. 156.)

89. Elisie van die /ɛ/ foneem uit -ɛl- vind nie plaas by werkwoordwortels wat op /l/ eindig en waar die vokaalfoneme /u/, /i/, /o/ en /e/ in die wortel teenwoordig is nie, bv.

/-sila/ > /-silɛla/ 'maal vir'
/-fula/ > /-fulɛla/ 'wei in rigting van'

/-bula/ > /bulɛla/ 'oopmaak vir'
/-budula/ > /budulɛla/ 'opblaas vir'
/-k'utl'ula/ > /k'utl'ulɛla/ 'loop vir'
/-rola/ > /rolɛla/ 'uittrek vir'
/-tshela/ > /tshelɛla/ 'oorgaan vir'
/-rok'a/ > /rok'ɛla/ 'bier afgooi vir'

Daar moet op gewys word, dat waar elisie reeds in die werkwoordwortel ingetree het, daar geen verdere elisie plaasvind by suffigering van -ɛl- nie, omdat daar dan 'n opeenhoping van konsonantfoneme sal voorkom. Hierdie werkwoorde soos /lla + ɛla/ > /llɛla/ 'huil vir' resorteer dus onder bogenoemde voorbeelde. (Vgl. par. 80)

ii. Elisie van die tweede foneem /ɛ/ uit die verdubbelde applikatiewe agtervoegsel -ɛlɛl wanneer dit aan werkwoorde gesuffigeer word

90. Wanneer die applikatiewe agtervoegsel verdubbel word, word -ɛlɛl- > -ɛll- by suffigering daarvan aan enige werkwoordstam wat 'n valensie daarvoor het, bv.

/-sɛla/ > /-sɛlɛl(ɛ)la/ > /-sɛlɛlla/ 'optel vir'
/-bala/ > /-balɛl(ɛ)la/ > /-balɛlla/ 'bymekaartel'
/-balɛha/ > /-balɛhɛl(ɛ)la/ > /balɛhɛlla/ 'vlug na toe'
/-bɔfa/ > /-bɔfɛl(ɛ)la/ > /-bɔfɛlla/ 'vasmaak vir'
/-roma/ /-romɛl(ɛ)la/ /-romɛlla/ 'stuur namens'
/-fɛla/ > /-fɛlɛl(ɛ)la/ > /-fɛlɛlla/ 'eindig namens'

iii. Elisie van die tweede vokaalfoneem /o/ uit die inversiewe agtervoegsel -olol- na suffigering daarvan aan werkwoorde

By die verdubbeling van die inversiewe agtervoegsel -ol- > -ol-ol- vind elisie van die vokaal in die laaste -ol- gereeld plaas wanneer dit aan werkwoordstamme wat 'n valensie daarvoor het, gesuffigeer word, bv.

/-bɔfa/ > /-bɔfolola/ > /-bɔfolla/ 'losmaak'
/-ut'a/ > /-ut'olola/ > /-ut'ol(o)-la/ > /-ut'olla/
'uit grond uithaal'
/-tl'ama/ > /-tl'amolola/ > /-tl'a-mo-l(o)-la/ >
/-tl'amolla/ 'losmaak'
/-ɛpa/ > /-epolola/ > /-e-po-l(o)-la/ > /-epolla/'
'uitgrawe'
/-ɔk'a/ > /-ɔk'olola/ > /-ɔ-k'o-l(o)-la/ > /-ɔk'olla/
'vet maak'
/-ɬɔpha/ > /-ɬɔpholola/ > /-ɬɔpholla/
'rangskik'
/-kxhɛtha/ > /-kxhɛtholola/ > /-kghɛtholla/
'diskrimineer'

Wanneer die applikatiewe agtervoegsel aan bg. inversiewe naamwoord= stamme gesuffigeer sou word sal daar dus geen elisie van die /ɛ/ van -el- plaasvind nie bv. bofollɛla, ens.

Die elisieproses word nie ongedaan gemaak deur verdere suffigering nie en ook nie wanneer deverbatiewe gevorm word nie, bv.

/mo-tl'amolla/ > /motl'amolli/

iv. Elisie van die /i/ uit die kousatiefmorfeem -is- na suffigering daarvan aan sekere werkwoorde

In Suid-Sotho word die variante vorm van /nwesa/ nl. /nosa/ aangetref. In laasgenoemde geval het daar nie semi-vokalisering soos in eersgenoemde plaasgevind nie, nl. /-no-i-sa/ > /nwisa/ > /-nwesa/ maar wel elisie van die /i/ van -is- , bv. /-no- + (-i) s-a/ > /nosa/ 'laat drink'.

e. Elisie van ŋ vokaalfoneem uit naamwoorde na suffigering

i. Elisie van die vokaal-uitgangsfoneem uit naamwoorde na suffigering van die diminutiewe agtervoegsel -ana

91. Wanneer die diminutiewe agtervoegsel -ana aan naamwoorde eindigende op die vokaalfoneme /a/, /e/, /ɛ/ of /i/ gevoeg word, en sodanige vokale word voorafgegaan deur die konsonante, /s/, /t'/, /ts'/, /k'/, /ɲ/, /b/ en /w/ vind daar altyd elisie van hierdie uitgangsfoneme plaas, bv.

/led͡ʒw(ɛ) + ana/ > /led͡ʒwana/	'klippie'
/mots'(e) + ana/ > /mots'ana/	'statjie'
/mɛts'(i) + ana/ > /mɛts'ana/	'bietjie water'
/mokxhɔs(i) + ana/ > /mokxhɔsana/	'bietjie lawaai'
/borak'(i) + ana/ > /borak'ana/	'brakkie'
/sefat'(e) + ana/ > /sefat'ana/	'boompie'
/thab(a) + ana/ > /thabana/	'bergie'
/sedib(a) + ana/ > /sedibana/	'fonteintjie'
/modis(a) + ana/ > /modisana/	'wagtertjie'
/buk'(a) + ana/ > /buk'ana/	'boekie'
/lethis(a) + ana/ > /lethisana/	'ongeïnisiëerde meisie'
/set͡ʃhab(a) + ana/ > /set͡ʃhabana/	'stammetjie'
/kxhɛts'(i) + ana/ > kxhɛts'ana/	'sakkie'

Dieselfde reël geld ook vir sekere adjektiefstamme, bv.

/-ɲat'(a) + ana/ > /ɲat'ana/	'taamlik baie'
/-t͡ʃhit͡ʃ'(a) + ana/ > /t͡ʃhit͡ʃ'ana/	'ronderig'
/-that'(a) + ana/ > /that'ana/	'bietjie hard'

In Doke (1957, p. 124) word nog heelwat voorbeelde van hierdie aard gegee. Hy het egter nie van die elisieproses melding gemaak nie want hy sê (p. 123) dat sekere diminutiewe gevorm word ... without any irregularities.

ii. Elisie van die foneemreeks (semi-vokaal + vokaal) uit die adjektiefstam -ɲwe

92. Die adjektiefstam -ɲwe verskyn in Suid-Sotho slegs in klas 5 enkelvoud in sy volvorm. In al die ander klasse vind daar elisie van die foneemreeks

/-w-ɛ-/ plaas, bv.

/monna ɛ moŋ(we)/ > /monna ɛ-moŋ/ 'n sekere man'
/banna ba baŋ(we)/ > /banna ba baŋ/ 'sekere mans'
/mots'e ɔ moŋ(we)/ > /mots'e ɔ moŋ/ 'n sekere stat'
/mets'e ɛ meŋ(we)/ > /mets'e ɛ meŋ/ 'sekere statte'
/lesoɦana lɛ leŋ(we) > lesoɦana lɛ leŋ/ 'n sekere jongman'
/masoɦana a maŋ(we)/ > masoɦana a maŋ/ 'sekere jongmans'
/selɛp'ɛ sɛ seŋ(we)/ > /selɛp'ɛ sɛ seŋ/ 'n sekere byl'
/dilɛp'ɛ ts'ɛ diŋ(we)/ > /dilɛp'ɛ ts'ɛ diŋ/ 'sekere byle'
/borikɔxhwɛ bɔ boŋ(we)/ > /borikɔxhwɛ bɔ boŋ/ 'n sekere broek'
/marikɔxhwɛ a maŋ(we)/ > /marikɔxhwɛ a maŋ/ 'sekere broeke'
(Vgl. par. 164)

Maar: /kɔxhɔmo ɛ ŋwe/ 'n sekere bees'
/dikɔxhɔmo tsɛ diŋ/ ' sekere beeste'

f. Elisie van die Oerbantoe konsonantfoneem /ɣ/ uit oorspronklike naamwoordstamme

93. Volgens Meinhof (1932, p. 69) is daar enkele naamwoorde met oorspronklike vokaalstamme waar die Oerbantoe konsonant /ɣ/ waarskynlik geëlisieër het voordat die normale verbinding met ni- ontstaan het. Die vokaalfoneem /i/ van die prefiks ni- het vanselfsprekend ook geëlisieër, bv.

Oerbantoe		Sotho	
/n(i)-(ɣ)oki/	>	/nɔsi/	'alleen'
/n(i)-(ɣ)unga/	>	/nok'o/	'ystervark'
/n(i)-(ɣ)ama/	>	/nama/	'vleis'
/n(i)-(ɣ)aka/	>	/naɦa/	'veld'

C. FONEEMELISIE KONKOMITANT MET ANDER FONOLOGIESE PROSESSE WAT TE WEEG GEBRING WORD DEUR MORFOLOGIESE PROSESSE

In afdelings A en B van hierdie hoofstuk is onderskeidelik aangetoon waar elisie

a. onafhanklik plaasvind,
b. plaasvind saam met morfologiese prosesse sonder dat ander fonologiese prosesse daarby betrokke raak. Hierdeur is daar dan, soos reeds gesê, ook eksplisiet onderskei tussen verskillende fonologiese omgewings. (Vgl. par. 79 -92)

In hierdie afdeling word aandag gegee aan elisie waar dit gepaard gaan met ander fonologiese prosesse wat deur morfologiese prosesse te weeg gebring word. Dié prosesse sal onder die versamelterm assimilasie benoem word. Daar word hoofsaaklik onderskei tussen progressiewe en retrogressiewe assimilasie.

a. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met progressiewe assimilasie na prefigering

i. Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die prefikse van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan naamwoordstamme wat met /b/ begin

94. By die prefigering van die prefigale morfeem mo- van klas 1 en klas 2 ekv. aan naamwoordstamme wat met /b/ begin, vind assimilasie plaas.

Assimilasie kan egter slegs plaasvind nadat daar elisie van die vokaal, wat tussen die bilabiale nasaal /m/ en die bilabiale eksplosief staan, plaasgevind het.

Daar is enkele naamwoorde bekend waar hierdie twee fonologiese prosesse gelyktydig in dieselfde omgewing plaasgevind het, bv.

/m(o)bɛlɛ/	> /mbɛlɛ/ > /mmɛlɛ/	'speen'
/m(o)bele/	> /mbele/ > /mmele/	'liggaam'
/m(o)butl'a	> /mbutl'a/ > /mmutl'a/	'haas'
/m(o)bila/	> /mbila/ > /mmila/	'voetpad'
/m(o)bɔk'ɔ/	> /mbɔk'ɔ > /mmɔk'ɔ/	'slurp van olifant'
/m(o)bala/	> /mbala/ > mmala/	'kleur'
/ham(o)bɔhɔ/	> /hambɔhɔ/ > /hammɔhɔ/	'tesame'

ii. <u>Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die prefiks van klas 2 mv. me-, by die prefigering daarvan aan naam= woordstamme wat met /b/ begin</u>

95. Hierdie verskynsel is raar in Suid-Sotho, dog daar word tog enkele gevalle aangetref Vgl. Doke (1957, p. 67). Hy beweer bv. dat /<u>mmɛlɛ</u>/ 'uier' en /<u>mmele</u>/ 'liggaam' dieselfde vorm in die enkelvoud sowel as die meervoud het. Die enigste onderskeid wat gemaak word, is t.o.v. die onderwerpskakels.

J.A. Ferreira (1964, p. 21) beweer dat <u>me-b-</u> teenoor <u>mm-</u> ook voorkom bv.

/m(e)butl'a/ > /mbutl'a > /mmutl'a 'hase'

In S. Matlosa (1971, p. 16) is 'n soortgelyke voorbeeld aangetref, bv.
/mefut'a e mmɛdi/

iii. <u>Elisie van die vokaalfoneem /o/ uit die klasprefikse van klas 1 en 2 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan werk= woordstamme wat met /b/ begin, ten einde deverbatiewe te vorm</u>

96. Wanneer deverbatiewe in klas 1 en 2 ekv. gevorm word, van werkwoord= stamme wat met die stemhebbende bilabiale eksplosief /b/ begin, vind elisie gevolg deur assimilasie plaas, bv.

/mo + -busa/ > /m(o)-busi/ > /mbusi/ > /mmusi/ 'regeerder'
/mo + -betl'a > /m(o)-betl'i > /mbetl'i/ > /mmetl'i
'skrynwerker'
/mo + -bala/ > /m(o)-badi/ > /mbadi/ > /mmadi/ 'leser'
/mo + -bina/ > /m(o)-bini/ > /mbini/ > /mmini/ 'sanger'
/mo + -bɔna/ > /m(o)-bɔni/ > /mbɔni/ > /mmɔni/ 'siener'
/mo + -bolaja/ > /m(o)-bolai/ > /mbolai/ > /mmolai/
'moordenaar'
/mo + -bula/ > /m(o)-budi/ > /mbudi/ > /mmudi/ 'n oopmaker'
/mo + -buɛlla/ > /m(o)-buɛlli/ > /mbuɛlli/ > /mmuɛlli/
'advokaat'
/mo + -bolɛla/ > /m(o)-bolɛdi/ > /mbolɛdi/ > /mmolɛdi/
'prediker'
/mo + -bop'a/ /m(o)-bop'i/ /mbop'i/ /mmop'i/ 'vormer'
/mo + -busa/ /m(o)-busɔ/ /mbusɔ/ /mmusɔ/ 'regering

iv. Elisie van die vokaalfoneem /o/ van die voorwerpskakel van klas 1 ekv. mo-, by die prefigering daarvan aan werkwoord= stamme wat met /b/ begin

Wanneer die voorwerpskakel van klas 1 enkelvoud deel uitmaak van die prefiks van 'n werkwoord waarvan die stam met /b/ begin, vind elisie van die foneem /o/ van mo- plaas. Daarna volg die assimilasieproses, bv.

/k'e-a-m(o)-bɔna/ > /k'e-a-mbɔna/ > /k'e-a-mmɔna/ 'ek sien hom'
/re-a-m(o)-batl'a > /re-a-mbatl'a/ > /re-a-mmatl'a 'ons soek hom'
/o-a-m(o)-bɔk'a/ > /o-a-mbɔk'a/ > /o-a-mmɔk'a/ 'jy prys hom'
/ba-a-m(o)-bets'a/ > /ba-a- mbets'a/ > /ba-a-mmets'a
'hulle roep hom'
/o-a-m(o)-busa/ > /o-a-mbusa/ > /o-a-mmusa/ 'jy regeer hom'
/di-a-m(o)-bolaja/ > /di-a-mbolaja/ > /di-a-mmolaja/
'hulle maak hom
dood'

b. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met retrogressiewe assimilasie na prefigering

99. Hier volg 'n paar voorbeelde van retrogressiewe assimilasie, waar elisie van 'n vokaalfoneem eers plaasgevind het voordat die assimilasie= proses voltooi kon word. Woordstamme wat met die foneem /m/ begin en van die ni- prefiks voorsien is, veral leenwoorde uit Afrikaans en Engels, is onderworpe aan elisie van die vokaalfoneem in die prefiks waarna die /n/ en /m/ assimileer tot mm, bv.

/n(i)-mot'oro/ > /nmot'oro/ > /mmot'oro/	'motor'
/n(i)-mɛt'ɛ/ > /nmɛt'ɛ/ > /mmɛt'ɛ/	'mat'
/n(i)-meile/ > /nmeile/ > /mmeile/	'muil'
/n(i)-meit'i/ > /nmeit'i/ > /mmeit'i/	'vroulike bediende'
/n(i)-mot'olɔri/ > /nmot'olɔri/ > /mmot'olɔri/	'vragmotor'
/n(i)-mofolara/ > /nmofolara/ > /mmofolara/	'serp'
/n(i)-mot'onono/ > /nmot'onono/ > /mmot'onono/	'hoogte/steilte'
/n(i)-mɛtsɔ/ > /nmɛts'o/ > mmɛts'ɔ	'slukderm'

c. Elisie van 'n vokaalfoneem konkomitant met gedeeltelike retrogressiewe assimilasie na prefigering

100. Om hierdie proses te verklaar moet Meinhof (1932, p. 61) se rekonstruk= sie van Oerbantoe geraadpleeg word. Hy het naamlik bevind dat elke konso= nant verbind kan word met die lettergreep (morfeem) ni-, wat ons ken as die prefiks van klas 5 bv.

n(i) + k > ŋk'
n(i) + t > nt'
n(i) + ɣ > ŋ
n(i) + ɣ > nd
n(i) + p > mp'
n(i) + v > mb

Bogenoemde voorbeelde toon aan dat elisie van die foneem /i/ reeds vroeg plaasgevind het.

Hierdie proses staan ook bekend as nasalering of nasalisasie of nasaalversterking, terwyl plosivering die korrekte term is. (vgl. par. 14)

i. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die prefiks van klas 5 ekv. ni- na die prefigering daarvan aan enkel=lettergrepige naamwoordstamme

/n(i)-k'ɔ/	> /nk'ɔ/	> /ŋkxhɔ/	'pot'
/n(i)-t'ɔ/	> /nt'ɔ/	> /nthɔ/	'ding/iets'
/n(i)-p'ɔ/	> /mp'ɔ/	> /mphɔ/	'Present'
/n(i)-xwe/	> /nxwe/	> /ŋk'we/	'luiperd'
/n(i)-dwa/	> /ndwa/	> /nt'wa/	'oorlog'
/n(i)-k'u/	> /nk'u/	> /ŋk'u/	'skaap'
/n(i)-p'a/	> /np'a/	> /mp'a/	'maag'
/n(i)-Ca/	> /nCa/	> /nCa/	'rigting'

Die elisieproses geld ook vir die meervoudsvorme van die enkelletter=grepige naamwoordstamme en klas 5, bv.

/din(i)k'u/	> /dink'u/	'skape'
/din(i)p'a/	>/dimp'a/	'mae'
/din(i)t'a/	> /dint'a/	'luise'
/din(i)thɔ/	> /dinthɔ/	'dinge'
/din(i)~~l~~-a/	> /dintlha/	'hoeke'

ii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die voorwerpskakel van die eerste pers. ekv. ni-, by die prefigering daar=van aan werkwoordstamme

By die gebruik van die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud val die vokaal van die voorwerpsmorfeem ni- ook weg. Vgl. Meinhof (1932, p. 69).

/ni-ʰa t'a/	> /nkxhat'a/	'my trap'
/ni-fa/	> /mpha/	'vir my gee'
/ni-bits'a/	> /mpits'a/	'my roep'
/ni-roma/	> /nthoma/	'my stuur'
/ni-ɲɲolla/	> /ɲɲolla/	'vir my skryf'
/ni-mʂts'a/	> /mmʂts'a/	'my insluk'

iii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ sowel as die konsonant= foneem /n/, uit die prefiks van klas 5 ekv. ni- by die prefigering daarvan aan meerlettergrepige naamwoordstamme

101. Volgens Meinhof (1932, p.69) word die ni- prefiks van klas 5 altyd /n-/ en dié verdwyn ook behalwe waar dit aan monosillabiese woorde ge= prefigeer word.

Dit is dus duidelik dat die prefiks van klas 5 ekv. nie as morfeem ge= ëlisiëer is nie, maar dat die foneem /i/ geëlisiëer is, en daarna die foneem /n/, slegs waar dit aan meerlettergrepige naamwoordstamme geprefi= geer word, nadat dit plosivering veroorsaak het.

Die elisieproses by eenlettergrepige naamwoordstamme in klas 5 word hier net verder gevoer, nl. dat die nasaal self ook elisiëer.

Meinhof (1932, p. 61) gee enkele voorbeelde waardeur hierdie proses duidelik na vore kom bv.

Oerbantoe				Suid-Sotho	
/nk'anga/	>	/(ɳ)kxhak'a/	>	/kxhak'a/	'tarentaal'
/ntava/	>	/(n)thaba/	>	/thaba/	'berg'
/mpala/	>	/(m)phala/	>	/phala/	'rooibok'
/ngɔma/	>	/(ɳ)k'ɔma/	>	/k'ɔma/	'lied'
/nguluvʂ/	>	/(ɳ)k'olobʂ/	>	/k'olobʂ/	'vark'
/ngala/	>	/(n)tlhala/	>	/tl'ala/	'honger'
/ndau/	>	/(n)t'au/	>	/t'au/	'leeu'
/mbuli/	>	/(m)p'odi/	>	/p'odi/	'bok'
/nk'ɔk'ɔ/	>	/(ɳ)ɬoho/	>	/ɬoho/	'kop'

Hierdie proses werk deur na die meervoudsprefiks van klas 5 nl. dat die /n/ en /i/ foneme van die di-ni- prefiks ook geëlisieer is.

/di(n)(i)- + kxhak'a/ > /dikxhak'a/
/di(n)(i)- + thaba/ > /dithaba/

iv. Elisie van die vokaalfoneem /i/ sowel as die konsonantfoneem /n/ uit die refleksiefmorfeem -ini-, by die prefigering daarvan aan werkwoordstamme

102. Onder Bantoetaalkundiges bestaan daar onsekerheid oor die oorspronklike vorm van die refleksiefmorfeem. Die algemene siening word duidelik deur Cole (1955, p. 232) weergegee. Hy sê: "Closely allied in function to the objectival concords is the reflexive prefix, which however, is not concordial and has only one form for all persons and classes. It consists of the vowel i, which, originally, was probably followed by a nasal consonant. In the modern language the nasal never appears but its influence remains and causes nasalization of the succeeding consonant ..... The reflexive prefix is conveniantly simbolized therefore, as i (N)-"
(Vgl. ook Doke, p. 244)

Meinhof, (1932, p. 68) egter, dui die refleksiewe morfeem aan as ɣi-.

In die lig van die feit dat die stemhebbende velêre frikatief /ɣ/ deurgaans geëlisieer is en slegs in uitsonderlike gevalle as /ɣ/ gerealiseer word, lyk Meinhof se bevinding vanuit die oogpunt van hierdie studie redelik aanvaarbaar. Maar aangesien dit nie op die weg van hierdie studie lê om morfeme vas te stel nie, word volstaan met die algemeen-aanvaarde vorm van dié prefiks soos weergegee deur Cole en Doke.

/(i)(n)i + rat'a/	>	/ithat'a/	'self liefhê'
/(i)(n)i + ɦoɦa/	>	/ikxhoɦa/	'vir jouself bou'
/(i)(n)i + fina/	>	/iphina/	'krag versamel'
/(i)(n)i + loma/	>	/it'oma/	'self tel'
/(i)(n)i + bona/	>	/ip'ɔna/	'self sien'
/(i)(n)i + raɦa/	>	/ithaɦa/	'self skop'

Daar kom baie voorbeelde in Suid-Sotho voor waar die refleksiewe werkwoordvorm gebruik word om deverbatiewe te vorm. Vgl. Doke(1957, p.90)

Die normale patroon vir die vorming van deverbatiewe word hier ge= volg, bv.

/mo + (i)(n)-i-isa/ > /moik'isi/ 'iemand wat op eie stoom wegkom'
/mo + (i)(n)-i-xhodisa/ > /moikxhodisi/ 'selfopgeleide persoon'
/mo + (i)(n)-iŋats'a/ > /moiŋats'i/ 'boetvaardige persoon'
/mo + (i)(n)-i-bolaja/ > /moip'olai/ 'selfmoordenaar'
/mo + (i)(n)-i-laɛla/ > /moit'aɛdi/ 'selfgedissiplineerde persoon'
/mo + (i)(n)-i-rat'a/ > /moithat'i/ 'egoïs'
/mo + (i)(n)-i-Camak'a/ > /moiCamak'o/ 'selfondersoek'
/mo + (i)(n)-i-lat'ola/ > /moit'at'olo/ 'verontskuldiging'
/se + (i)(n)-i-rat'a/ > /seithat'i/ 'netjiese persoon'
/bo + (i)(n)-i-ɛmɛla/ > /boik'ɛmɛlo/ 'selfverontskuldiging'
/bo + (i)(n)-i-xhak'aŋa > /boikxhak'aŋa/ 'vermomming'
/bo + (i)(n)-i-utl'wa > /boik'utl'o/ 'selfbewussyn'

d. Elisie konkomitant met progressiewe assimilasie na suffigering

i. Elisie van die vokaalfoneem /i/ van die perfektummorfeem -il-, by die suffigering daarvan aan werkwoordstamme wat op -ma eindig

103. Wanneer die perfektumsuffiks -il- aan werkwoordstamme eindigende op -ma gesuffigeer word, vind daar gewoonlik progressiewe assimilasie sowel as elisie plaas. Die meerderheid taalkundiges aanvaar die rekonstruksie van die historiese verloop van die proses soos volg:

/-rɛma/ > /-rɛmilɛ/ > /-rɛm(i)mɛ/ > /-rɛmmɛ/ 'het gekap'
/-roma/ > /-romilɛ/ > /-rom(i)mɛ/ > /-rommɛ/ 'het gestuur'
/-phats'ima > /-phats'imilɛ/ > /phats'im(i)mɛ/ > /-phats'immɛ/ 'is blink'

/-ɦama/ > /-ɦamilɛ/ > /-ɦam(i)mɛ/ > /-ɦammɛ/ 'het gemelk'
/-lema/ > /-lemilɛ/ > /lem(i)mɛ/ > /lemmɛ/ 'het geploeg'
/ɦwama/ > /ɦwamilɛ/ > /ɦwam(i)mɛ/ > /ɦwammɛ/ 'het gestol'
/ʃɛma/ > /ʃɛmilɛ/ > /ʃɛmimɛ/ > /ʃɛmmɛ/ 'het gebyt'
/-loma/ > /-lomilɛ/ > /lomimɛ/ > /lommɛ/ 'het gebyt'
/-tl'ama/ > /-tl'amilɛ/ > /tl'amimɛ > /tl'ammɛ/ 'het vasgemaak'

ii. Elisie van die vokaalfoneem /i/ uit die perfektummorfeem -il-, by die suffigering daarvan aan werkwoordstamme wat op -na eindig

Wanneer die perfektumsuffiks -il- aan werkwoordstamme eindigende op -na gesuffigeer word, het die /n/ en die /l/ geassimileer tot /nn/. Verder het daar elisie van die /i/ van -il- plaasgevind, bv.

/-bina/ > /-binilɛ/ > /-bin(i)nɛ/ > /-binnɛ/ 'het gedans'
/-nɔna/ > /-nɔnilɛ/ > /-nɔn(i)nɛ/ > /-nɔnnɛ/ 'het vet geword'
/-ɦɔna/ > /-ɦɔnilɛ/ > /-ɦɔn(i)nɛ/ > /-ɦɔnnɛ/ 'het gesnork'
/-ɛna/ > /-ɛnilɛ/ > /-ɛn(i)nɛ/ > /-ɛnnɛ/ 'is ryk'
/-ɦana/ > /-ɦanilɛ/ > /-ɦan(i)nɛ/ > /-ɦannɛ/ 'het geweier'
/-k'wɛna/ > /-k'wɛnilɛ/ > /-k'wɛn(i)nɛ/ > /-k'wɛnnɛ/ 'het gebuig'
/-rɛna/ > /-rɛnilɛ/ > /-rɛn(i)nɛ/ > /-rɛnnɛ/ 'het begeer'
/-lwana/ > /-lwanilɛ/ > /-lwan(i)nɛ/ > /-lwannɛ/ 'het met mekaar baklei'
/-t'ɔna/ > /t'ɔnilɛ/ > /-t'ɔn(i)nɛ/ > /t'ɔnnɛ/ 'het oë wyd gerek'

e. Elisie van n konsonantfoneem konkomitant met vokaal= samesmelting

i. Elisie van die konsonantfoneem /r/ uit werkwoordstamme wat op -ara eindig na suffigering van die perfektum= morfeem -il-

104. Wanneer die perfektumsuffiks -il- aan werkwoordstamme eindigende op

-ara gesuffigeer word, tree vokaalsamesmelting gewoonlik in werking.

Die term vokaalsamesmelting word allerweë gebruik, hoewel daar in die onderstaande voorbeelde 'n hele aantal fonologiese prosesse na die morfologiese proses in werking tree nl. assimilasie, daarna elisie en dan vokaalsamesmelting, bv.

/ap'ara/ > /ap'arilɛ/ > /ap'a(r)irɛ/ > /ap'airɛ/ > /ap'ɛrɛ/
'aangetrek'

/tʃwara/ > /tʃwarilɛ/ > /tʃwa(r)irɛ/ > /tʃwairɛ/ > /tʃwɛrɛ/
'vashou'

(Vgl. par. 160)

ii. Elisie van die konsonantfoneem /r/ uit werkwoordstamme wat op -ara eindig, na suffigering van die kousatief= morfeem -is-

105. In die volgende voorbeeld van die werkwoordstam eindigende op -ara-, vind elisie van die konsonantfoneem /r/ plaas, en daarna vind vokaalassi= milasie plaas, bv.

/-ap'a(r)isa/ > /-ap'aisa/ > /-ap'ɛsa/ 'laat werk'

iii. Elisie van die konsonantfoneem /l/ uit 'n werkwoordstam wat op -ala eindig na suffigering van die kousatiefmorfeem -is-

Dieselfde proses as in ii. hierbo vind ook in hierdie geval plaas, bv.

/-rwa(l)isa/ > /-rwaisa/ > /-rwɛsa/ 'laat aantrek'

3.1.2 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE KOMPOSITUM

106. Voordat daar vasgestel kan word of daar elisie plaasgevind het tydens die totstandkoming van komposita, moet daar eers bepaal word waar die grense van die kompositum t.o.v. dié van die woordgroep lê.

Wanneer die student hom oor hierdie onderwerp op die Bantoetaleliteratuur beroep vir die begrensing van die begrip kompositum, word gevind dat hierdie onderwerp nog geensins na behore nagevors is nie.

In die reël word onder die opskrif Komposita die verskillende komponente waaruit dit saamgestel kan word, gegee.

In sommige gevalle, vgl. Doke (1957, p. 103), Cole (1955, p. 177), Khaketla (1951, p. 87) word komposita gerealiseer wat, bv. bestaan uit 'n naamwoord en 'n naamwoord en, wat waarskynlik soos Doke ook beweer, uit 'n possessiewe groep ontstaan het, maar aan die student word geen aanduiding gegee waarom, en hoe hierdie kompositum van die gewone possessiewe woordgroep onderskei moet word nie. Vergelyk die volgende komposita uit die drie werke:

Cole (1955, p. 117)	:	pelo e thata
Doke (1957, p. 103)	:	boya ba ntja
Khaketla (1951, p. 87)	:	morokolopodi - o - moholo

107. Verder gee al die skrywers voorbeelde van komposita in dieselfde groep, waar (in sommige gevalle) die possessiefmorfeem gerealiseer word en in ander soortgelyke gevalle nie. Daar is egter geen aanduiding waarvolgens die student sy weg deur hierdie doolhof kan baan nie. (Vgl. par. 112)

Om uit hierdie doolhof van sieninge te kom, blyk die aangewese weg te wees om die standpunt van Breed (ongepubliseerde klasaantekeninge, Dept. Bantoetale, P.U. vir C.H.O.) te volg, nl. "Die antwoord is dat die kompositum, hoewel 'n sekondêre woord, nog altyd 'n woord is, en dus die basiese eienskappe van 'n woord moet hê." Hoewel die identifisering of begrensing van komposita nie binne die terrein van hierdie studie val nie, is dit tog nodig om 'n breë riglyn te vind waarvolgens die kompositum van die woordgroep onderskei kan word.

Om dit te kan doen moet daar 'n bietjie weier as die Bantoetale literatuur gesoek word.

Binne die kompositum word nog verder onderskei tussen samestelling en samekoppeling.

Reichling (1967, p. 381) vat die verskil tussen die twee begrippe die duidelikste saam: "Samenkoppelingen zÿn composita waarin de componenten elkaar opvolgen op een wijze zoals zij dat ook in de woordgroep kunnen doen: hogeschool; samestellingen zijn compsita waarin de componenten in een verhouding zijn gebracht, waarin zij, volgens de structuur der groepen van de taal in kwestie, niet voorkomen".

Kempen (1962, p. 77) stel die probleem soos volg: "Omdat samestelling en samekoppeling soveel identiese kenmerke en funksies het, is 'n groepnaam vir altwee gebruik. Daarvoor word hier die woord kompositum gebruik".

106. Hy gee die volgende definisie: "'n Kompositum is dan enige woord wat bestaan uit twee of meer woorde, met mindere of meerdere fonetiese eenheid, eenheid van betekenis (semantiese eenheid) en eenheid van funksie (funksionele en/of morfologiese eenheid"). Later verbeter Kempen (1969, p. 83) op hierdie definisie: "'n Kompositum is dan enige woord wat bestaan uit twee of meer komponente wat selfstandige woordkorrelate het, met mindere of meerder fonetiese eenheid, eenheid van betekenis (semantiese eenheid) en eenheid van funksie (funksionele en/of morfologiese eenheid".)

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar volstaan by hierdie uitspraak van Kempen.

Wanneeer komposita, soos dit in die Bantoetale literatuur aangetref word, van naderby beskou word, wil dit voorkom, in die lig van Reichling (1967, p. 381) se uitspraak oor samestelling en samekoppeling, dat ons hier eintlik net met samekoppeling te make het.

In die lig hiervan behoort hierdie samekoppelings beskou te word aan die hand van Scholtz (1949, p. 65): "Samekoppeling ontstaan dus as gevolg van sintaktiese verbande tussen woorde en word gekenmerk deur:

(a) funksieverandering en isolering van uitspraak

(b) 'n eenheidsaksent en

(c) 'n versnelde tempo in die uitspraak.

Die Bantoetale in die algemeen, en in hierdie geval Suid-Sotho, spe= sifiek, dra die kenmerk dat daar elemente in 'n woordgroep bestaan wat nood= saaklik is vir kongruensie of kategoriale verband, nl. skakels en voornaam= woorde. In hierdie studie word slegs aandag gegee aan die komposita waarin hierdie elemente, geëlisieer is.

109. Daar is 'n groot verskeidenheid van groepe samekoppelings binne die kompsitum. Vgl. Doke (1957, p. 218) "Southern Sotho is rich in the for= mation of compound nouns, composed of (at least) two parts of speech. The most commonly found may be classified as follows:

i) Noun + noun
ii) Noun + adjective
iii) Noun + possessive
iv) Verb + subject
v) Verb + object
vi) Verb + adverb
vii) Ideophone + noun
viii) Complete sentences."

Soos reeds aangedui, word in hierdie studie slegs aandag gewei aan die kombinasies waarin daar elisie plaasgevind het.

110. Die kombinasies waarin die werkwoord die eerste lid van die kompositum vorm, word bv. nie hier behandel nie omdat die proses waardeur hulle tot stand gekom het, beskou word as vervanging, bv. /morat'a - ts'ɔɬe/ < /ho rat'a ts'ɔɬe/ ens. Al wat hier gebeur het, is dat die infinitiewe prefigale morfeem ho- vervang is deur die enkelvoudsmorfeem mo- van klas 1 enkelvoud.

Omdat foneemelisie in woorde binne die konteks van die kompositum, ook in hierdie woorde voorkom, ongeag in watter omgewing hulle gebruik word, word foneemelisie in sulke woorde nie onder komposita behandel nie.

Daar kom baie min voorbeelde voor van foneemelisie in woorde wanneer dit lede is van komposita. Vergelyk die volgende voorbeelde waar die uit= gangsfoneem van die eerste lid geëlisieer is.

A. FONEEMELISIE UIT KOMPOSITA, WAARVAN DIE ONDERLIGGENDE STRUKTUUR 'N NAAMWOORD + 'N POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD IS

111. Hoewel daar in die volgende voorbeelde ook woordelisie plaasvind, word slegs die foneem wat geëlisieer word aangedui. Vir morfeemelisie (vgl. par. 143)

/maha(ɛ) a rona/ > /maharona/
/maha(ɛ) a bɔna/ > /mahabɔna/
/maha(ɛ) a lona/ > /mahalona/
/ba(h)eno ɛ moholo/ > /bɛnomoholo/

B. FONEEMELISIE UIT ANDER KOMPOSITA EN MORFO-SINTAKTIESE KONSTRUKSIES

112. In Suid-Sotho is daar 'n hele aantal komposita wat moeilik herleibaar is na 'n onderliggende woordgroep. Dit is nie altyd duidelik uit watter tipe woordgroep of sin hierdie konstruksie herlei is nie. Dit is egter baie duidelik dat daar elisie van een of ander segment plaasgevind het ty= dens die vorming daarvan.

As 'n kompositum soos 'mmamoluk'ulɛ - kxhɔmo' in terme hiervan ondersoek word, is dit duidelik dat dit saamgestel is uit 'n naamwoord + werkwoord + naamwoord. Daar is egter verskeie moontlikhede van strukture of sinne wat onderliggend aan hierdie kompositum kan wees, soos o.a.

/Mma o luk'ula kxhɔmo/
/Mma ɛ luk'ulaŋ kxhɔmo/
/Mma wa ho lok'ula kxhɔmo/

Uit bg. vbe. is dit duidelik dat die onderliggende struktuur eers vas=

gestel moet word, voordat besluit kan word welke elemente elisie ondergaan. (Vgl. par. 107)

3.1.3 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE VERDUBBELING

113. Groenewald (1960, p. 8) het bevind dat daar in Noord-Sotho 'n betekenisverskil bestaan tussen wat hy noem volledige en onvolledige verdubbeling van werkwoordstamme. Hy sê (p. 9): "Die naamwoordstam kan in Noord-Sotho, soos ook die werkwoordstam, óf volledig óf onvolledig verdubbel word, met die verskil dat die verdubbeling by die naamwoordstam geen verskil in betekenis voorsien tussen die volledige en onvolledige verdubbelings van hierdie betrokke stam nie. Vgl. die volgende voorbeelde:

mo - hwelere - hwelere	:	mo-hwele - hwelere	'die einste rooibosboom'
kolobe - kolobe	:	kolobe - lobe	'n groot vet vark'

Maar: -bolela - bolela 'bietjie praat'
-bola - bolela 'hard aanspreek'

Cole (1955, p. 218) en Doke (1957, p. 171) vind egter nie sulke verskynsels van betekenisverskil tussen volledige en onvolledige verdubbelings in Tswana en Suid-Sotho onderskeidelik nie. (Vgl. par. 115 en 130)

114. Dit is kenmerkend dat een-en tweelettergrepige werkwoordstamme in Suid-Sotho altyd volledig gereproduseer word tydens verdubbeling. (Vgl. Groenewald (1960, p. 28)

Wanneer drie-en meerlettergrepige stamme egter verdubbel word, blyk dit dat die eerste lid gewoonlik net twee lettergrepe behou en dat die res geëlisieer word.

Op grond van die volledige reduplikasie van een-en-twee-lettergrepige werkwoordstamme, kan aanvaar word dat drie-en meerlettergrepige werkwoordstamme ook oorspronklik volledig gereproduseer was.

In Suid-Sohto moet daar dus eerder gepraat word van elisie uit vol= ledige verdubbelings. Die term onvolledige verdubbeling het in die taal nie plek nie.

Bogenoemde stelling word verder gestaaf deur Groenewald (1960, p. 70) met sy term Verstarde verdubbeling. Hy beweer dat sommige woorde waar= skynlik oorspronklike ooreenstemmende basiese vorme gehad het, waarvan die betekenis verlore gegaan het. Paroz (1946, p. 160) sê hiervan: "A great number of Sotho nouns and verbs have a reduplicated stem, they may have been derived from primitive words which have disappeared".

Dit blyk dus dat die verdubbelde vorm die plek van die basiese woord geheel en al oorgeneem het.

Omdat daar in Suid-Sotho geen betekenisverskil tussen woorde is wat volledig verdubbel is en dié waarvan 'n gedeelte weggelaat is nie, word alle verdubbeling waarvan 'n gedeelte van een van die verdubbelde woorde weggelaat is, vir die doeleindes van hierdie studie as elisie beskou.

Werkwoordstamme wat mèt of sónder suffigale morfeme, drie of meer lettergrepe beslaan, is meestal onderworpe aan elisie sodra sodanige werk= woorde verdubbel word.

Elisie vorm hier 'n konstante patroon deurdat slegs die eerste twee lettergrepe van die eerste woord behoue bly en dat die res van die eerste woord geëlisieer word.

'n Verdere kenmerk van elisie in verdubbelings is dat die geëlisieerde gedeeltes altyd een of meer volledige sillabes konstitueer.

115. By werkwoordverdubbeling is dit waarskynlik lettergreepelisie wat fo= neme insluit wat soms toevallig ook morfeme kan konstitueer. bv.

/ɔtl'olla - ɔtl'olla/ > /ɔtl'o - ɔtl'olla/ 'volledig uitstrek'
/naɦana - naɦana/ > /-naɦa- naɦana/ 'diep dink'
/-sɛbɛts'a- sɛbɛts'a/ > /-sɛbɛ - sɛbɛts'a/ 'hard werk'
/-sɛbɛdits'ɛ- sɛbɛdits'ɛ/ > /-sɛbɛ - sɛbɛdit'sɛ/ 'het hard gewerk'
/-lebala - lebala/ > /-leba - lebala/ 'heeltemal vergeet'
/-buisana - buisana/ > /-bui - buisana/ 'aanhoudend met mekaar praat'
/-tl'waɛla - tl'waɛla/ > /-tl'waɛ - tl'waɛla/ 'bederf wees'
/-ɦɔp'ola - ɦɔp'ola/ > /-/ɦɔp'o - ɦɔp'ola/ 'goed onthou'
/-bɔk'ɛlla - bɔk'ɛlla/ > /-bɔk'ɛ - bɔk'ɛlla/ 'aanhoudend prys'
/-ts'amaja - ts'amaja/ > /-ts'ama - ts'amaja/ 'aanhoudend loop'
/-mak'ats'a - mak'ats'a/ > /-mak'a - mak'ats'a/ 'baie te verbaas'

(vgl. par. 113 en 161)

3.1.4 FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE WOORDGROEP

116. In hierdie afdeling word aandag gegee aan foneemelisie in individuele woorde binne 'n woordgroep, omdat elisie in hierdie woorde slegs plaasvind omdat hulle lid van 'n bepaalde groep is. Wanneer dieselfde woorde in 'n ander groep opgeneem sou word, sal foneemelisie nie noodwendig plaasvind nie.

Dit kan ook gebeur dat elisie van een foneem in 'n woord in 'n groep kan veroorsaak dat elisie van 'n ander foneem in 'n ander woord in dieselfde groep, ook geëlisiëer word.

A. ELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN POSSESSIEWE GROEPE

a. Elisie van die semivokaalfoneem /w/ uit die possessiewe betrekkingswoord wa van klas 1 ekv., wanneer dit as inleidende lid gebruik word na naamwoorde wat op /i/ eindig

Die foneem /w/ word dikwels geëlisieër uit wa as inleidende lid van 'n possessiewe groep wat as kwalifikatiewe bepaling gebruik word om verwantskapsnaamwoorde as antesedent te kwalifiseer.

117. Wanneer die antesedent 'n verwantskapsnaamwoord is wat op die vokaalfoneem /i/ uitgaan, oefen elisie van die /w/ van /wa/ geen invloed uit op die uitgang van die antesedent nie bv. (Vgl. par. 60)

/kxhaitsɛd(w)a moʃemane/ > /kxhaitsɛdi'a moʃemane/	'die seun se suster'
/ŋwets'i(w)a lesoɦana/ > /ŋwets'i'a lesoɦana/	'die jongman se bruid'
/kxhaits'ɛdi (w)a k'a/ > /kxhaits'ɛdi'a k'a/	'my suster'
/ŋwɛts'i(w)a k'a/ > / ŋwɛts'i'a k'a /	'my bruid'
/ŋwɛts'i(w)a Thule/ > / ŋwɛts'i'a Thule/	'Thule se bruid'
/kxhaits'ɛdi(w)a lena/ > /kxhaitś'ɛdi'a lena/	'julle suster'
/ŋwɛts'i(w)a moɬaŋk'a/ > /ŋwɛts'i'a moɬaŋka/	'die bediende se bruid'
/rakxhadi(w)a mosets'ana/ > /rakxhadi'a mosets'ana/	'die meisie se tante'

b. Elisie van die uitgangsfoneem van die naamwoorde, sowel as die semivokaalfoneem /w/ uit die possessiewe betrekkingswoord wa

118. Wanneer die antesendent 'n verwantskapsnaamwoord is wat eindig op /e/, /ɛ/, /o/, /ɔ/ en /a/, vind daar gewoonlik elisie van daardie foneme plaas, gepaard met elisie van die /w/ van /wa/ bv.

/nt'at'(ɛ)(w)a Molap'i/ > /nt'at'a Molapi/	'Molapi se pa'
/malom(ɛ)(w)a Mok'ɛt'ɛ/ > /malom'a Mok'ɛt'ɛ/	'Mokete se oom'
/moɦats'(a)(w)a Sek'et'e/ > moɦats'a Sek'et'e/	'Sekete se vrou'
/ŋwan(a)(w)a morɛna/ > /ŋwan' a morɛna/	'kind van die kaptein'

/ŋǂxho̤n(o)(w)a Thulɛ/ > /ŋǂxho̤n'a Thule/ 'Thule se ouma'
/mo̤r(a)(w)a k'a/ > /mo̤r'a k'a/ 'my seun'
/mo̤ɛn(a)(w)a k'a/>/mo̤ɛn'a k'a / 'my jonger broer'

119. Wanneer die possessiewe voornaamwoorde van die tweede en derde per= soon enkelvoud as komplement van wa in soortgelyke gevalle as hierbo ge= bruik word, word die elisieproses binne die groep nog fakultatief verder uitgebrei.

Dit word egter onder die afdeling morfeemelisie verder bespreek. (Vgl. par. 136)

B. ELISIE VAN DIE UITGANGSFONEEM VAN NAAMWOORDE IN DIE KONTEKS VAN ADJEKTIEF -RELATIEFGROEPE

120. Elisie van die uitgangsfoneem van naamwoorde in klas 1, klas 2 ekv. en mv. en klas 5 ekv., kom dikwels voor in adjektief-relatiefgroepe wanneer sodanige naamwoorde nie op die foneem /i/ en /u/ uitgaan nie, bv.

/monn(a) ɛ mo̤holo/ > /monn'ɛ mo̤holo/ 'n groot man'
/mosets'an(a) ɛ motl'ɛ/ > /mosets'an'ɛ motl'ɛ/ 'n mooi meisie'
/mosuw(e) ɛ bo̤ǂale/ > /mosuw'ɛ bo̤ǂale/ 'n slim onderwyser'
/ǂxho̤m(o) ɛ nts∫o̤/ > /ǂxho̤m'ɛ nt∫o̤/ 'n swart bees'
/k'ob(ɔ) ɛ t'ala/ > /k'ob'ɛ t'ala// 'n groen kombers'
/moll(ɔ) ɔ mot'ona/ > /moll'ɔ mot'ona/ 'n groot vuur'
/mots(e) ɔ mo̤ŋane/ > /mots'ɔ mo̤ŋane/ 'n klein statjie

C. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE GROEP NAAMWOORD + DEMONSTRATIEF

121. Wanneer naamwoorde in klasse 1 ekv., klas 2 ekv. en mv. en klas 5 ekv. deur hulle onderskeie demonstratiewe voornaamwoorde as kwalifikatiewe be= paling gevolg word, vind elisie van die uitgangsfoneem van hierdie naamwoor= de dikwels plaas, bv.

/monn(a) ɛnwa/ > /monn'ɛnwa/ 'hierdie man'
/moʃeman(e) ɛo/ > /moʃeman'ɛo/ 'daardie seun'

D. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN DIE VRAENDE NAAMWOORDGROEP

a. Elisie van die vokaalfoneem /e/ van die vraende naamwoord -eŋ wanneer dit op n werkwoord volg

122. Elisie van die foneem /e/ van die vraende naamwoord -eŋ vind gewoonlik plaas wanneer dié naamwoord op 'n werkwoord volg. Hierdie verskynsel kom baie algemeen in die Sothotale voor, bv.

/o - ɛts'a(e)ŋ?/ > /o - ɛts'a'ŋ?/ "wat doen jy?"
/ba - dʒara (e)ŋ?/ > /ba - dʒara'ŋ/ "wat dra hulle?"
/di - edʒa - (e)ŋ?/ > /di - edʒa'ŋ?/ "wat eet hulle?"
/le - sɛbɛts'a(e)ŋ?/ > /le - sɛbɛts'a'ŋ?/ "wat werk julle?"
/o - bala(e)ŋ?/ > /o - bala'ŋ?/ "wat lees hulle?"
/le - rɛk'ilɛ(e)ŋ?/ > /le - rɛk'ilɛ'ŋ?/ "wat het julle gekoop?"
/o - ɛmɛla(e)ŋ?/ > /o - ɛmɛla'ŋ?/ "vir wat wag jy?"
/o - ɛnts'ɛ (e)ŋ?/ > /o - ɛnts'ɛ'ŋ/ "wat het jy gedoen?"
/o - dʒilɛ (e)ŋ?/ > /o - dʒilɛ'ŋ?/ "wat het jy geëet?"
/ba - ɛmisa (e)ŋ?/ > /ba - ɛmisa'ŋ?/ "wat laat hulle staan?

b. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord -eŋ, wanneer dit as komplement van sekere betrekkingswoorde gebruik word

i. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord eŋ as komplement van die identifiserende kopulatiewe betrekkingswoord k'e, bv. /k'e- (e)ŋ?/ > /k'eŋ?/ 'wat is dit'

ii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord -eŋ as komplement van die instrumentale betrekkingswoord ha, kom baie fakultatief voor en word nie dikwels in die skrif gerealiseer nie, bv. /k'a-(e)ŋ/ > /k'aŋ?/ 'waarmee'

iii. Elisie van die vokaalfoneem /e/ uit die vraende naamwoord -eŋ as komplement van die possessiewe betrekkingswoorde van sekere naamwoordklasse kom dikwels in die spreektaal voor. Hierdie verskynsel is veral werksaam in klas 3 ekv. le-, mv. ma-, klas 4 ekv. se-, klas 4 en 5 mv. di- en klas 6 mv. ma-, bv.

/k'e leot'o la (e)ŋ?/ > /k'e leot'o laŋ/ 'wat se voet is dit?'
/k'e selɛp'ɛ sa(e)ŋ? > /k'e selɛp'ɛ saŋ/ 'wat se byl is dit?'
/k'e dintho ts'a(e)ŋ?/ > / 'e dintho ts'aŋ?/ 'wat se goed is dit?'
/k'e maot'o a (e)ŋ?/ > /k'e maot'o aŋ?/ 'wat se voete is dit?'

Die rede waarom elisie van die /e/ van eŋ in ander klasse nie voorkom nie, moet toegeskryf word aan die feit dat leksikale verwarring kan ontstaan indien elisie na sulke possessiewe voornaamwoorde sou intree. (Vgl. par. 158)

E. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN LOKATIEFKLASNAAMWOORDGROEPE

123. Dit is 'n kenmerk van Suid-Sotho dat die uitgangsfoneem van lokatiewe klasnaamwoorde elisieer. Dit wil voorkom asof elisie van die /h/ foneem van die possessiefskakel, wat gewoonlik op die lokatiefklasnaamwoord volg as inleidende lid van die possessiewe groep, die aanleidende oorsaak van hierdie proses is, bv.

/hodim(o) (h)a sefat'e/ > /hodim'a sefat'e/ bo-op die boom'
/p'ele ha mots'e/ > /p'el'a mots'e/ 'voor die stat'
/tl'ase ha mesamo/ > /tl'as'a mesamo/ 'onder die kus= sings'
/hare ha ts'ela/ > /har'a ts'ela/ 'in die middel van die pad'
/morao ha ntl'u/ > /mor'a ntl'u/ 'agter die huis'

/thok'o ha sediba/ > /thok''a sediba/ 'langs die fontein'
(Vgl. par. 41)

Daar is egter uitsonderings op hierdie reël, nl. dat in groepe soos bv. /ntl'e ha/ nooit elisie plaasvind nie.

Wanneer die lokatiewe klasnaamwoord deur die lokatiewe betrekkingswoord /ho/ gevolg word, vind daar ook geen elisie plaas nie.

F. FONEEMELISIE BINNE DIE KONTEKS VAN HULPWERKWOORDGROEPE

a. Elisie van die konsonantfoneem /h/ uit die infinitiefprefiks ho-

124. Die uitgangsfoneem van een -en tweelettergrepige hulpwerkwoordstamme wat gewoonlik deur die infinitief gevolg word, assimileer gewoonlik met die /o/ foneem van ho na elisie van die /h/ foneem.

Die meeste van hierdie vorme word nie in die skrif erken nie behalwe sommige enkellettergrepige hulpwerkwoordstamme wat met die /o/ foneem van die infinitief assimileer. Die meeste taalkundiges, soos onder andere Ferreira (1964, p. 98) noem hierdie verskynsel saamgetrokke vorms. Ziervogel (1967, p. 316) sê onder die opskrif, Verpligte sintaktiese elisie die volgende: "Hierdie soort elisie kom nie in Suid-Sotho voor nie, buiten miskien in die toekomende tyd se hulpwerkwoord tlô- < tla-ho- waar tlô in opposisie tot -tlile ho staan m.a.w. by hierdie elisie is daar 'n betekenisverskil tussen die volvorm en die vorm met elisie."

125. Daar is egter ander soortgelyke vorme van sametrekkings wat voorafgegaan word deur elisie wat fakultatief in Suid-Sotho voorkom. Hoewel hierdie vorme amptelik nie in die skrif erken word nie, word daar tog voorbeelde in die skrif aangetref.

i. Elisie van die konsonantfoneem /ɦ/ uit die infinitiefprefiks ɦo- wanneer dit op eenlet-tergrepige hulpwerkwoorde volg

/re tl'ɛ (ɦ)o bolɛla/ > /re tl''o bolɛla/ ' ons moet kom vertel'
/a jɛ (ɦ)o bua/ > /a j'o bua/ 'hy moet gaan praat'
/bana ba nɛ (h)o sɛbɛts'a/> /bana ba n'o sɛbɛts'a/
'kinders moet altyd werk'
/o tl'a (ɦ)o sɛbɛts'a/ > /o tl''o sɛbɛts'a/ 'hy sal werk'
/o ja(ɦ)o ts'oma/ > /o j'o ts'oma/ 'hy gaan jag'
/ɦo nɛ (ɦ)o sɛbɛts'wa/ > /ɦo n'o sɛbɛts'wa/'daar was/is gewerk'
/o nɛ a sa jɛ/(ɦ)o rɛk'a/ > /o nɛ a sa j'o rɛk'a/
'hy het nie gaan koop nie'
/ɦore a jɛ (ɦ)o rɛk'a/ > /ɦore a j'o rɛk'a/
'sodat hy gaan koop'
/ɦore a jɛ (ɦ)o bɔna/ > /ɦore a j'o bɔna/ 'sodat hy gaan kyk'
/a mp'a a ja (ɦ)o rɔbala/ > /a mp'a a j'o rɔbala/
'hy gaan voort om te gaan slaap'
/a nt'ɛ(ɦ)o mo nɛɦɛla lɔna/ > /a nt''o mo nɛɦɛla lɔna/
'hy gee hom dit dan'
/a nt'ɛ (ɦ)o bots'a/ > /a nt''o bots'a/ 'hy vra dan'
/a tl'ɛ (ɦ)o o lat'a/ > /a tl''o o lat'a/ 'dat hy jou kom besoek'
/o tl'a (ɦ)o fiɬa ɦo jɛna/ > /o tl''o fiɬa ho jɛna/
'hy sal by jou arriveer'
/k'ɛ nɛ (ɦ)o rɛk'a/ > /k'ɛ n'o rɛk'a/ 'ek is besig om te koop'
k'a nt'a (ɦ)o rɛk'a/ > /k'a nt''o rɛka/ 'ek het toe gekoop'
(Vgl. par. 141)
/k'ɛ nɛ (ɦ)o rɛk'a/ > /k'ɛ n'o rɛk'a/ 'ek is besig om te koop'
/k'a nt'a (ɦ)o rɛk'a/ > /kɛ nt''o rɛk'a/ 'ek het toe gekoop'
/ɦa k'ɛ tl'ɛ (h)o rɛk'a/ > ɦa k'ɛ tl''o rɛk'a/ 'ek kom nie koop nie'
/ɦa k'ɛ ts'(w)ɛ (ɦ)o rɛk'a/ > /ɦa k'ɛ ts''o rɛk'a/
'ek het nie gaan koop nie'
/ɦa k'ɛ jɛ(ɦ)o rɛk'a/ > /ɦa k'ɛ j'o rɛk'a/ 'ek gaan nie koop nie'
Vgl. Doke (1957, p. 195)

ii. Elisie van die konsonantfoneem /ɦ/ uit die infinitief=prefiks ɦo, wanneer dit op meerlettergrepige hulpwerk=woorde volg

126. By tweelettergrepige hulpwerkwoordstamme wat normaalweg deur die in=finitief gevolg word, vind sametrekking van die uitgangsfoneem van die hulpwerkwoord en die /o/ foneem van die infinitief, na elisie van /ɦ/, ook fakultatief plaas, bv.

/o lekʻa (ɦ)o bua Sesotho/ ≥ /o lekʻʻɔ bua Sesotho/	'hy probeer Sotho praat'
/ba ratʻa(ɦ)o dʒa pʻɔmpʻɔŋ/ ≥ /ba ratʻʻɔ ja pʻɔmpʻɔŋ	'hulle eet graag lekkers'
/ba batlʻa (ɦ)o ja tʻɔropʻɔŋ/ ≥ /ba ratʻʻɔ ja tʻɔropʻɔŋ/	'hulle wil dorp toe gaan'
/kʻe kʻopʻa (ɦ)o tsʻamaja/ ≥ /kʻe kʻopʻʻɔ tsʻamaja/	'ek vra om te loop'
/diapʻarɔ di ese (ɦ)o ɔmɛ/ ≥ diapʻarɔ di esʻɔ ɔmɛ/	'die klere is nog nie droog nie'
/o tlʻilɛ (ɦ)o Cɔbɛlla fɛɛla/ ≥ /o tlʻilʻɔ Cɔbɛlla fɛɛla	'hy het net kom by=mekaar maak'
/kʻe sa tlʻilɛ (ɦ)o rɛkʻa/ ≥ /kʻe sa tlʻilʻɔ rɛkʻa/	'ek het reeds kom koop'
/kʻe ilɛ (ɦ)o bolɛlla/ ≥ /kʻe ilʻɔ bolɛlla/	'ek het gaan vertel vir'
/kʻe ilɛ (ɦ)o di lokʻisa/ ≥ /kʻe ilʻɔ di lokʻisa/	'ek het dit gaan regmaak'
/ba ilɛ (ɦ)o phomola/ ≥ /ba ilʻɔ phomola/	'hulle het gaan rus'
/a ntʻanɛ (ɦ)o fetʻɛla pʻele/ ≥ / a ntʻanʻɔ fetʻɛla pʻele/	'hy het voortgegaan en vorentoe gegaan'

(Vgl. par. 140 en 141) vir morfeemelisie in hierdie groepe.

b. Elisie van die uitgangsfoneem uit hulpwerkwoorde

Sommige hulpwerkwoorde word normaalweg gevolg deur die onderwerpskakel van die hoofwerkwoord. Wanneer sodanige onderwerpskakel 'n vokaalmorfeem is, kan daar óf assimilasie van hierdie morfeem met die uitgangsfoneem van die hulpwerkwoord plaasvind óf daar vind elisie van die uitgangsfoneem van die hulpwerkwoord plaas. Daar word slegs aandag gegee aan die gevalle waar elisie van die uitgangsfoneem plaasvind.

i. Elisie van die uitgangsfoneem uit enkellettergrepige hulpwerkwoorde -nɛ, -nna, -mp'a, -nts'e, -se

127. Wanneer onderwerpsmorfeme afgelei van die klasprefikse van klas 1 enkelvoud mo-, klas 2 meervoud me- en klas 5 enkelvoud ne- as onderwerpskakels gebruik word van die hulpwerkwoord sowel as die hoofwerkwoord wat daarop volg, vind daar dikwels elisie van die uitgangsfoneem van dié hulpwerkwoorde plaas, bv.

/p'elo e n(ɛ) e le bołoko/ > /p'êlo e n'e le bołoko/ 'die hart was seer'

/monna o n(ɛ) a ɦama/ > /monna o n'a ɦama/ 'die man was besig om te melk'

/mellɔ e n(ɛ) e t'uk'a/ > /mellɔ e-n'e t'uk'a/ 'die vure was besig om te brand'

/mesɛbɛts'i e n(ɛ) e rat'ɛɦa/ > /mesɛbɛts'i e n'e rat'ɛɦa/ 'van die werk is gehou'

/p'elo e tl'a nn(a) e ɦɔp'ola ɦaɛ/ > /p'elo e tl'a nn'e ɦɔp'ola ɦaɛ/ 'die hart sal steeds huis toe verlang'

/moʃemane o tl'a nn(a)a disa dikxhɔmo/ > /moʃemane o tlá nn'a disa dikxhɔmo/ 'die seun sal steeds die beeste oppas'

/a mp'(a) a ɬolwa k'e ɦo ɬok'a banna/ > /a mp''a ɬolwa k'e ɦo ɬok'a banna/ 'hy begeer steeds om die mans te soek'

/a mp'(a) a tl'ilɛ ɦo t'iisa molao/ > /a mp'a tlilɔ tiisa molao/ 'hy kom steeds om die wet te oortree'

/kxhɔmo e mp'(a) e k'ɛna tʃ'emoŋ/ > /kxhɔmo e mp'ɔe k'ɛna tʃ'emoŋ/ 'die bees gaan steeds in die land in'

/a mp'(a) a ts'oha molat'o/ > /a mp'a ts'oha molat'o/ 'hy skrik steeds vir moeilikheid'

/a nts'(e) a mo kxhanna/ > /a nts'a mo kxhanna/ 'hy keer hom steeds voor'

/o nts'(e)a fɔɬa ho ja p'ele/ > /o nts'a fɔɬa ho ja p'ele/ 'hy haas om vorentoe te gaan'

/o sɛ a ba bits'a/ >/o s'a ba bits'a/ 'hy roep hulle al'

ii. Elisie van die uitgangsfoneem uit tweeletter=grepige hulpwerkwoorde

128. Wanneer tweelettergrepige hulpwerkwoorde gevolg word deur die veranderde skakel van klas 1 enkelvoud nl. /a/ as gevolg van die partisipiale modus, word die uitgangsfoneem van hierdie hulpwerkwoorde soms geëlisieer, bv.

/o fɛla a k'ula/ > /o fɛl'a k'ula/ 'hy is werklik siek'

/o ɬɔla a rɔbɛts'e/ > /o hlɔl'a rɔbɛts'e/ 'hy slaap altyd'

/o tl'oha a ts'amaja/ > /o tl'oh'a ts'amaja/ 'hy is gereed om te loop'

/o sala a disa dikxhɔmo/ > /o sal'a disa dikxhɔmo/ 'hy bly die beeste oppas'

/a lala a lla bosiu k'aofɛla/ > /a lal'a lla bosiu k'aofɛla/ 'hy huil toe die hele nag'

/o k'ilɛ a ba moahi/ > /o k'il'a ba moahi/ 'hy was eens op 'n keer 'n bouer'

/o ilɛ a thuntsha phɔɔfɔlɔ/ > /o il'a thuntsha phɔɔfɔlɔ/ 'hy het toe 'n wildsbok gaan skiet'

/o ɬilɛ a tl'a haɛ/ > /o ɬil'a tl'a haɛ/ 'hy het betyds huis toe gekom'

HOOFSTUK 4

4.0.0 MORFEEMELISIE EN WOORDELISIE

4.1.0 MORFEEMELISIE

In hierdie afdeling word daar aandag gegee aan morfeemelisie. Waar daar egter ook foneemelisie saam met morfeemelisie plaasvind sal na dié afdelings verwys word waar die betrokke foneemelisie reeds behandel is. Die raamwerk waarin morfeemelisie plaasvind, is uiteraard die woordvorm, maar die kontekste verskil.

4.1.1 MORFEEMELISIE IN DIE KONTEKS VAN DIE WOORD

124. Elisie (elisie sonder meer; onafhanklike elisie) van 'n morfeem in individuele woorde is 'n verskynsel wat weinig in Suid-Sotho voorkom. Dit kom slegs voor in enkele woorde van klas 3 ekv. nl. le- waar die prefigale morfeem le- soms geëlisieer word.

Daar is egter 'n paar woorde in die le-klas waar elisie van die pre= figale morfeem as historiese elisie beskou kan word omdat dit nooit meer gerealiseer word nie, bv.

